"We are not just stats and facts!" Tienerdogters se stemme tydens die grendelstaat

Danie Kloppers

Danie Kloppers, onafhanklike navorser

Opsomming

Tienerdogters is 'n belangrike deel van die samelewing. Tog word hulle stemme nie dikwels of duidelik tydens rampe soos die grendelstaat gehoor nie. Die doel van hierdie studie is om tienerdogters se emosies en menings gedurende die grendelstaat, soos hulle dit self beskryf, te ondersoek. Die artikel fokus op vyf temas, naamlik tienerdogters se emosies, hulle vrese, menings oor onderwys, menings oor menseregte en demokrasie, en hulle veerkragtigheid. In die empiriese studie val die soeklig op veranderinge wat gedurende die grendelstaat binne die vyf temas plaasgevind het. Die navorsing word vanuit twee teoretiese lense beskou wat enersyds op die strukturasieteorie en *ubuntu* en andersyds op die rampfasesmodel gegrond is. Binne hierdie lense word die twee bene van die agtergrond vir die navorsing, naamlik die grendelstaat en die tienerdogters se stemme in navorsing, kortliks oorweeg. Daarna kom die bronne wat vir die navorsingsafdeling gebruik is en die onderbou van die empiriese studie onder die loep.

In die navorsingsbespreking word tienerdogters se emosies gedurende die grendelstaat binne vyf groepe bespreek, naamlik (i) frustrasie, (ii) angs, bekommernis, hartseer en depressie, (iii) ongeankerdheid en verwardheid, (iv) verveeldheid, alleenheid en inkluistering, en (v) vreugde en blydskap. Daarna verskuif die fokus na hulle vrese, wat hoofsaaklik wentel rondom die koronavirus self, die ekonomiese gevolge van die grendelstaat en geslagsgeweld. In die bespreking oor skool en onderwys dui die navorsing aan dat tienerdogters skool mis, dat hulle bekommerd is oor skoolwerk en dat hulle oorwegend nie ten gunste van aanlyn en afstandsonderrig is nie. Tienerdogters se menings oor menseregte en demokrasie, en hulle veerkragtigheid, word daarna oorweeg. Laastens fokus die artikel op ses belangrike implikasies van die navorsing, waarna die bespreking opgesom en 'n aantal aanbevelings gemaak word.

Trefwoorde: aanlyn onderrig; COVID-19; demokrasie; emosies; grendelstaat; menseregte; onderwys; tienerdogters; veerkragtigheid; vrees

Abstract

"We are not just stats and facts!" The voices of teenage girls during the lockdown

The voices and views of teenage girls are, for various reasons, seldom heard during disasters such as the COVID-19 pandemic. The research reported in this article focused on their voices and views during the recent pandemic and the accompanying lockdown. Five themes were investigated: (i) teenage girls' emotions, (ii) their fears, (iii) their views on education, (iv) their views on human rights and democracy, and (v) their resilience. The empirical study focused on the changes within these themes.

According to Bronfenbrenner (1979), all individuals live within certain environments or ecosystems. The interactions between an individual and her ecosystem plays an important role in a teenager's development (Härkönen 2007:11). This interaction can theoretically be viewed from two different, yet mutually supportive, angles: firstly, a combination of structuration theory and *ubuntu*, and secondly, the disaster phase model. From a mainly western perspective, Giddens (1991:201) sees society as a "structuration process", where individuals, social agents, simultaneously form and are shaped by social structures. Within the African context, *ubuntu* is used to articulate the relationships and interdependence between individuals and their communities. The combination of structuration theory and *ubuntu* emphasises that teenage girls are social agents who are able to change and reform their environments, rather than mere objects who must slavishly follow societal norms. The second theoretical lens, the disaster phase model (Flynn 1997:613; Flynn and Norwood 2004:599), provides a perspective on the different phases through which people − and their emotions − move during a disaster.

Using these lenses, the background for the research was briefly considered. The lockdown has been described as "arguably the most formidable challenge that humanity has had to face in the last 100 years" (*One South Africa* par. 1), and has influenced the political, economic and social spheres of civil society. It has also highlighted the uneasiness with regard to human rights and democracy caused by regulations and state actions, the inequity in education, and gender violence. Regarding teenage girls' voices during the lockdown, the research firstly indicated that their views are generally ignored due to cultural and gender prejudices. Secondly, research on the impact of disasters on children in general and teenage girls in particular is limited, and they are often overlooked when considering the effects of disasters. A number of international studies and articles have, however, been able to break this silence, whilst the empirical study provides information from a South African perspective. The empirical study was conducted in two phases during April 2020 and May 2020. Eleven teenage girls (aged 12−16), from grades 7 to 11, participated in both phases. The results of the empirical study and the international sources are discussed within the five aforementioned themes.

The teenage girls' emotions during the lockdown are discussed within five groups: (i) frustration, (ii) anxiety, worry, sadness and depression, (iii) disconnectedness and confusion, (iv) boredom, loneliness and imprisonment, and (v) joy and happiness. Although frustration is not often associated with the first phase of the disaster phase model (Flynn 1997:613; Flynn and Norwood 2004:599), the research indicated that teenage girls were already experiencing the emotion during the lockdown. The results from the empirical study indicated that participants' frustration became more pronounced, and that their feelings of anxiety, worry, sadness and depression also increased as the lockdown dragged on.

A significant percentage of teenage girls felt disconnected and confused. They were also bored, although the incidence of boredom was lower in the empirical study than in other sources. Participants in the empirical study also differed from their USA and Australian counterparts with regard to loneliness: None of the participants referred to it, although some indicated that they felt "imprisoned".

Despite the grim circumstances of the lockdown, some teenage girls still felt joy and happiness, although the empirical study indicated that the number of participants who experienced these emotions decreased marginally from April to May. The research further indicated that teenage girls were more stressed out, worried and confused than boys, but were also more inclined to discuss their circumstances with family members.

The teenage girls' fears revolved mainly around the corona virus, the economic consequences of the lockdown, and gender-based violence. Teenage girls were afraid that they, or their families, would be infected with the COVID-19 virus, and that it would continue to spread. They were also concerned that that the pandemic would continue indefinitely and that a cure would not be found. Their fears about the economy centred around economic recovery and employment. As with negative emotions, the empirical study indicated that more participants were worried in May about the corona virus and economy than in April. However, gender-based violence was not often mentioned, which, one hopes, indicates that the teenage girls were not exposed to such violence, rather than that they were too scared to talk about it.

The research confirms that school and education is very important to teenage girls. They missed their schools and education during the lockdown and were worried about their schoolwork. They were also concerned that they were falling behind or would have to repeat the academic year. Their views on online and distance education were, however, at odds with the perception that online education is the "new normal" in education. Although, as expected, they referred to the lack of electronic resources as a hindrance, the research indicated that even those who had access to online learning were not in favour of it. This is evident from the following remarks: "Online schooling is mostly a joke, just to say that we 'did school'" and: "Being teached [sic] by a teacher is much better than trying on your own".

Teenage girls' views on human rights and democracy include a lack of support for the government, and their concerns that decision makers do not take cognisance of them. Participants in the empirical study were mostly of the opinion that the lockdown had a negative effect on human rights. They referred to police brutality, corruption and the restrictions on funerals. Most of them were also of the view that the lockdown had a negative effect on democracy, with one participant complaining: "I thought we were supposed to be living in a democracy but we are prohibited." The participants were also less satisfied with the state of democracy and human rights as the lockdown continued, which supports the tendency that they became more negative as the lockdown dragged on.

The research indicated that, although negativity and loss were still evident, there were emerging signs of the teenage girls' resilience, e.g. in their actions as social agents and caring for their families. Participants in the empirical study indicated that they were, despite their negative emotions, fears and pessimistic views on human rights and democracy, able to cope through positive actions like educational programmes, games, positive self-talk, and "drinking hot chocolate". Participants often referred to their families in their responses. This could indicate

that South African teenage girls are, due to *ubuntu*, emotionally better protected against the negative effects of the lockdown than their international counterparts.

Six important implications arise from the research. Firstly, teenage girls are, subject to differences in context, a homogenous group with shared emotions and views − which sometimes differ from those of boys. Thus, any decisions about teenage girls should be taken with their gender and cultural contexts in mind. Secondly, the lockdown is an exception to the rule. Therefore, teenage girls should be equipped with the necessary knowledge and skills to manage its uncertainty. Thirdly, it is important to take note of and provide methods to curb and manage the increase in negative emotions and feelings which was clearly evident in the empirical study. It is also important to take note of teenage girls' views on online and distance education, as it seems that they prefer classrooms and educators. This implies that educators must be empowered and supported when learners eventually return to school. The fifth implication is that the views of teenage girls are important and should not be ignored, whether it be about education, democracy or even funerals. They are not just "stats and facts" (UNICEF 2020:13), even though their views were seemingly not taken into account in any of the important decisions taken about them during the lockdown. Finally, teenage girls showed, despite their situation, signs of resilience. Thus, even if they were merely "stats and facts" to the authorities, the research indicated that they will, in the spirit of *ubuntu*, ensure their and their families' survival during the lockdown.

Keywords: COVID-19; democracy; education; emotions; fear; human rights; lockdown; online education; resilience; teenage girls

1. Inleiding

Die COVID-19-pandemie het die mensdom in 2020 soos 'n tsunami getref en veroorsaak dat meer as een en 'n half miljard kinders in 191 lande se skoolonderrig onderbreek is (Plan 2020:7). Regter Weiner som die omstandighede en gevolge van die pandemie treffend in *Moela*[1] (par. 60) op: "The world has changed, and we are all in a quandary as to how to go about our daily lives in view of the pandemic."

Teen die middel van Augustus 2020 was Suid-Afrikaners nog midde-in die grendelstaat[2] met vlak 3-inperkingsmaatreëls wat steeds geld, skole wat – met die uitsondering van graad 12- en graad 7-leerders – nog nie weer sedert Maart 2020 heropen het nie, en die aantal virusslagoffers en sterfgevalle wat daagliks en oënskynlik sonder enige agting vir gesondheidsmaatreëls styg. Sommige skole wat wél heropen het, moes weer tydelik vir omvattende ontsmetting sluit as personeellede of leerders positief vir die koronavirus getoets het, of weens die maandlange vakansie wat aan die einde van Julie 2020 aangekondig is (Dayimani 2020; Hlati 2020; Macupe en Kiewit 2020). Zanker en Moyo (2020:101) waarsku dat, hoewel Suid-Afrika die eerste staat in Afrika was wat 'n grendelstaat afgekondig het, die volgehoue inperkingsmaatreëls die reeds brose ekonomie verder sal benadeel, toegang tot voedsel sal beperk en nie oral suksesvol afgedwing sal kan word nie.

Soos verwag, het artikels binne verskeie vakgebiede – soos biologie (Yi, Langnito, Ye, Li en Xu 2020), sielkunde (Prime, Wade en Browne 2020; Wang, Pan, Wan, Tan, Xu, Ho en Ho 2020) en politieke wetenskap (Sibley e.a. 2020)[3] – reeds oor die invloed en moontlike gevolge

van die pandemie verskyn.[4] 'n Aantal artikels fokus ook op kinders en hulle geestesgesondheid tydens en na die pandemie (Fegert, Vitiello, Plener en Clemens 2020; Imran, Zeshan en Pervaiz 2020; Lee 2020; Sahoo, Rani, Shah, Singh, Mehra en Grover 2020). Min navorsing is egter nog – ten spyte daarvan dat 'n groot gedeelte van die slagoffers van rampe kinders is (Pine, Tarrant, Lyons en Leathem 2015:116; Kousky 2016:74; Imram e.a. 2020:2) – oor die menings van kinders en veral tieners tydens die grendelstaat gepubliseer.

Die doel van hierdie artikel is om tienerdogters se emosies en menings tydens die grendelstaat te ondersoek en die empiriese studie[5] fokus op die verandering in hulle emosies en menings daartydens. Die redes daarvoor is vierledig. Eerstens word dogters se stemme oor die algemeen min tydens navorsing gehoor (Guthridge-Gould 2016:4). Met hierdie artikel word gepoog om hulle stilte, ten minste wat die grendelstaat betref, te verbreek. Tweedens, in die lig daarvan dat tienerwees in elk geval 'n emosionele branderrit vol sosiale, kognitiewe en emosionele uitdagings is en tienerdogters emosioneel anders as tienerseuns optree (Chaplin en Aldao 2013; Schlebusch 2015:3, 16), kan navorsing oor tienerdogters se belewenisse gedurende die grendelstaat daartoe bydra om hulle − en volwassenes wat binne die tienerdogters se mikrosisteme leef – beter op die gevolge van die grendelstaat voor te berei. Derdens gaan die meeste tienerdogters na die grendeltyd hulle skoolopleiding hervat. Die navorsing kan dus 'n bydrae lewer om veral onderwysers in staat te stel om hulle tienerleerders beter te verstaan. Die vierde rede is moontlik die belangrikste: om aan te toon dat tienerdogters se stemme belangrik is binne 'n samelewing waar geslagsgeweld deur president Ramaphosa as 'n pandemie beskryf is (Nicholson 2020).

Die bespreking laat val die soeklig op vyf temas oor die grendelstaat, naamlik die tienerdogters se emosies en vrese, hulle menings oor onderwys, hulle menings oor menseregte en demokrasie en hulle veerkragtigheid. In die bespreking word aanvanklik aandag aan die teoretiese basis en agtergrond van die navorsing gegee. Daarna volg 'n ontleding van tienerdogters se emosies en menings oor die grendelstaat en 'n bespreking van die implikasies van die bevindinge.

2. Teoretiese lense

Volgens Bronfenbrenner (1979) leef alle individue – en dus ook tienerdogters – binne bepaalde omgewings of ekosisteme. Die wisselwerking tussen die individu en haar[6] ekosisteem speel 'n belangrike rol in 'n tiener se ontwikkeling (Härkönen 2007:11). Hierdie wisselwerking kan teoreties vanuit twee uiteenlopende, dog wedersyds-ondersteunende, invalshoeke beskou word. Vanuit 'n hoofsaaklik westerse perspektief sien Giddens (1991:201) die samelewing as 'n "strukturasieproses" waar mense gelyktydig sosiale strukture vorm en self deur die strukture gevorm word. 'n Sosiale struktuur kan net bestaan terwyl menslike agente dit ondersteun en voortsit, wat meebring dat hierdie strukture ook deur die optrede van menslike agente verander kan word (Rweyemanu 2012:71). Drie eienskappe van strukturasie is binne die konteks van hierdie navorsing belangrik. Eerstens kan strukture as alomteenwoordige en skeppende verhoudings wat die identiteit, agentskap en belangstellings van mense definieer, beskou word. 'n Sosiale struktuur bestaan dus nie uit 'n organisasie soos 'n skool nie, maar uit die sosiale praktyke en verhoudings wat menslike agente oor tyd rondom leer en onderrig geskep en deel gemaak het van hulle sosiale gedrag. Tweedens kan die strukture menslike agente beperk om hulle doelwitte na te streef of te verwesenlik. Derdens, hoewel die individu deur strukture beperk en bemagtig kan word, kan die strukture nooit die individu bepaal nie. Elke agent behou dus steeds die vermoë om bestaande strukture te verander (Giddens 1984:15). Greener

(2008:278) som dit soos volg op: Mense het beide keuses en beperkings, en omdat hulle keuses én die vermoë om op te tree het, het hulle mag.

Binne Afrikakonteks word die begrip *ubuntu* gebruik om die verhoudings en die interafhanklikheid tussen individue en hulle gemeenskappe te verwoord. Voges (2019:147) wys daarop dat die begrip nie 'n Afrikaanse vertaalekwivalent het nie. Hoewel verskillende betekenisse aan *ubuntu* gekoppel word (Voges 2019:148), kan die wese daarvan opgesom word as synde 'n waardesisteem wat op harmonie en interafhanklikheid gegrond is, want wat met die individu gebeur, gebeur met die groep en omgekeerd (Letseka en Matlabe 2019:81). Ewuoso en Hall (2019:96) verduidelik dat iemand se menswees ("humanity") in haar verhoudings met ander verwesenlik word en dat ander se menswees verwesenlik word deur die erkenning van die individu s'n. In *Mohamed* het regter Nieukichner onlangs binne die konteks van die grendelstaat, die volgende oor *ubuntu* uit 'n vorige uitspraak aangehaal:

> Its spirit emphasises respect for human dignity, marking a shift from confrontation to conciliation. In South Africa ubuntu has become a notion with particular resonance in the building of a democracy. It is part of our rainbow heritage, though it might have operated and still operates differently in diverse community settings (*Mohamed* par. 64).

In *Moela* (par. 60) trek die hof 'n direkte verband tussen *ubuntu* en die grendelstaat: "This is an unprecedented time for all of us. We are stronger if we work together." Hierdie tweeledige teoretiese lens bevestig dus dat tienerdogters aan hulle eksosisteme verbonde is, maar dat die verbondenheid nie beteken dat hulle blote objekte is wat die groep slaafs moet navolg nie. Hulle is aktiewe agente wat mede kan bepaal wat met hulle en die groep gebeur.

In die lig daarvan dat hierdie artikel oor tienerdogters gedúrende die grendelstaat besin, is dit ook nodig om 'n lens te bied vir die verskillende fases waardeur mense − en hulle emosies − tydens 'n ramp beweeg. 'n Nuttige lens is die rampfasesmodel (Flynn 1997:613; Flynn en Norwood 2004:599) wat 'n ramp in 'n vyftal fases verdeel, hoewel Flynn (1997:613) waarsku dat die wyse waarop hierdie fases beleef word nie reglynig is nie en dat dit van elke gemeenskap en individu afhang hoe dit beleef sal word. Die eerste fase is die rampgebeure, waartydens mense oorbluf is, maar ook geneig is om pro-sosiaal op te tree deur hulp te verleen en heldedade te verrig. Die tweede fase word deur reddingsoperasies, bestekopnames en verskillende individuele emosies soos blydskap, verligting, angs en smart gekenmerk. Die derde fase is 'n "wittebroodsfase" waar slagoffers en gemeenskappe saam bly is dat hulle gespaar is, erkenning vir beide heldedade wat verrig en lyding wat verduur is, gegee word en hulpbronne van buite na die rampgebied invloei. In die vierde fase verander die emosies egter na negatiewe emosies waar mense kwaad, ontevrede en ontnugter is oor die verliese wat hulle gely het en omdat herstel nie so vinnig plaasvind as wat hulle gedink het dit sou nie. Staatsamptenare word dikwels gedurende hierdie fase as die sondebokke wat herstel vertraag, gebrandmerk. Die laaste fase – aanvaarding – breek aan wanneer die gemeenskap en individue die ramp en die gevolge daarvan aanvaar, in hulle daaglikse lewens integreer en met die lewe aangaan.

Met die multifokale teoretiese bril op, kan die agtergrond vir die navorsing nou in fokus gebring word.

3. Agtergrond vir die navorsing

Die navorsing is teen die agtergrond van die grendelstaat en die wyse waarop tienerdogters se stemme gehoor word, gedoen.

3.1 Die grendelstaat

Epidemies en rampe kom betreklik algemeen voor (Ejeta, Ardalan en Paton 2015:3; Lee en Lee 2019:311; Peters e.a. 2020:3) maar gewoonlik nie op so 'n pandemiese skaal soos die COVID-19-pandemie nie. Tog waarsku Ejeta e.a. (2015:3) dat die algemene voorkoms van en navorsing oor vorige rampe nie noodwendig tot beter gereedheid daarvoor lei nie. Die COVID-19-pandemie – wat die hof in *One South Africa* (par. 1) as "arguably the most formidable challenge that humanity has had to face in the last 100 years", beskryf – het die waarheid van die waarskuwing bewys. Dit het Suid-Afrika, soos die res van die wêreld, onkant betrap en tot ongekende regeringstappe en gevolge gelei. Die president het op 23 Maart 2020 'n landwye grendelstaat afgekondig wat op 26 Maart 2020 in werking getree het (*One South Africa* par. 41; Zanker en Moyo 2020:101). Van der Berg en Spaull (2020:4) skets die omstandighede van die grendelstaat en meld dat dit die eerste keer sedert die apartheidsjare was wat die weermag binne die landsgrense ontplooi is om saam met die polisiediens wet en orde te handhaaf. Gedurende die eerste vyf weke van die grendeltyd kon kinders slegs vir mediese redes hulle wonings verlaat en teen die middel van Junie 2020 het die skole steeds nie vir 90% van leerders heropen nie (Van der Berg en Spaull 2020:4).

Die grendelstaat het ook ernstige ekonomiese ontberinge tot gevolg gehad. Trouens, die ekonomiese gevolge word soms as 'n pandemie in eie reg gesien (Peters e.a. 2020:1). In Suid-Afrika het die howe reeds by verskeie geleenthede na die ekonomie tydens die grendelstaat verwys *(De Beer* par. 6.9; *Mohamed* par. 65.3; *One South Africa* par. 1). In *Khosa* (par. 6) vra die hof of dit enige doel sal dien as inperkingsmaatreëls "a famine, an economic wasteland and the total loss of freedom" tot gevolg het en antwoord die vraag self ontkennend. In *Democratic Alliance* (par. 1) wys die hof daarop dat "the nationwide lockdown which followed the declaration of the state of disaster threatened the very fabric of the South African economy." Een van die gevolge van die ekonomiese ineenstorting is dat meer kinders – en dus ook tienerdogters – tot kinderarbeid en seksuele uitbuiting gedwing kan word (Ghosh, Dubey, Chatterjee en Dubey 2020:229).

Alhoewel die meeste inwoners die grendelstaat aanvanklik ondersteun het (Ipsos 2020a), het die optrede van die veiligheidsmagte en die aard van die inperkingsregulasies tot verskeie hofsake gelei, want, soos die hof dit in *One South Africa* (par. 7) stel:

> The Covid-19 crisis has required measures to be taken that have inevitably stretched the limits of our Constitutional framework to its fullest.

In *Khosa* het die hof trouens reeds op 15 Mei 2020 aangedui dat die inperkingsmaatreëls rasioneel moet wees. Die samelewing kan van die regering verwag om die minsbeperkende maatreëls in te stel en die staat kan dan verwag dat die maatreëls gehoorsaam moet word (*Khosa* par. 7). Voorts meen die hof:

> It is no exaggeration to say that the national psyche has thus been negatively affected by the lock-down Regulations. How this will ever be rectified nobody knows, and the

> public is not told. … I must emphasise that a lock-down was necessary … The public is however entitled to be treated with dignity and respect whether rich or poor (*Khosa* par. 19).

Die wêreldwye grendelstaat het by sommiges die vraag laat ontstaan of menseregte en demokrasie onder beleg is. In Nieu-Seeland is die vraag ontkennend beantwoord met navorsing wat op groter vertroue in die regering en polisie en groter tevredenheid oor die staat se optrede dui (Sibley e.a. 2020:9). In Suid-Afrika is menings minder positief, met stellings soos dat die regering hulleself "ultraongrondwetlike magte" toe-eien (Bosman 2020) terwyl die hof in *Khosa* (par. 19) meld dat daar op die datum van die hofverrigtinge reeds 'n groot mate van wantroue tussen die Suid-Afrikaanse bevolking en die regering geheers het, hoofsaaklik oor die wyse waarop inwoners deur staatsorgane en die veiligheidsmagte hanteer word. Die inperkingsregulasies het ook onder skoot gekom, met verskeie hofuitsprake (bv. *De Beer*; *Democratic Alliance*; *Khosa*; *Mohamed*; *Moela* en *One South Africa*) wat die geldigheid van die regulasies en regeringsbeleid oorweeg het.

Onderwys en die sluiting en heropening van skole was ook 'n tameletjie. D. van Wyk (2020) wys daarop dat die pandemie dit reggekry het "om die ongelykhede in ons samelewing te aksentueer" en die lot van disfunksionele skole te beklemtoon met 'n geraamde 4 500 skole wat nie lopende water het nie en nog putlatrines gebruik. Sy mening word deur Van der Berg en Spaull (2020:12) gedeel. Teen hierdie agtergrond is dit nie vreemd nie dat slegs 20% Suid-Afrikaners gemaklik daarmee was dat skole heropen, terwyl 24% aangedui het dat hulle beslis nie hulle kinders terug skool toe sal stuur nie (Ipsos 2020b) en die heropening van skole in die hof betwis is (*One South Africa* par. 121). Die grendelstaat het noodgedwonge meer klem op die gebruik van afstands- en aanlyn onderrig gelê, maar leerders wat nie toegang tot elektroniese toerusting of data het nie, se onderrig het weens die geslote skole tot stilstand gekom (*Mohamed* par. 65.1; Peters e.a. 28).

Ten slotte is die empiriese studie gedoen teen die agtergrond van die tweede pandemie waarna president Ramaphosa verwys het, naamlik die toename in geslagsgeweld gedurende die grendelstaat en die moord op en verkragting van vroue en kinders, beide in Suid-Afrika en die res van die wêreld (Ghosh e.a. 2020:229; Nicholson 2020). Net soos die COVID-19-pandemie, is geslagsgeweld ook 'n uitgerekte pandemie, maar anders as eersgenoemde is dit aan verskeie oorsake te wyte (Kloppers en Van den Berg 2018). Ghosh e.a. (2020:229, 231) wys trouens daarop dat die geslagsgeweld nie net tot fisieke geweld beperk is nie, maar dat die ekonomiese gevolge van die grendelstaat ook sal meebring dat sommige dogters se skolastiese opvoeding onderbreek gaan word en hulle vroeër vir huwelike − teen die onmiddellike betaling van 'n enkelbedragbruidskat – aangebied gaan word.

Teen hierdie agtergrond fokus die artikel op die stemme van tienerdogters tydens die grendelstaat.

3.2 Tienerdogters se stemme in vorige navorsing

Gegewe dat bykans die helfte van alle tieners dogters is (Stats SA 2018:16) en beide mensgemaakte en natuurlike rampe gereeld voorkom (Lee en Lee 2018:311), is dit te verwagte dat tienerdogters se stemme oor hulle belewenis van rampe gereeld gehoor sal word. Die werklikheid weerspieël egter om twee redes nie hierdie verwagting nie. Eerstens word dogters se stemme weens kulturele en geslagsvooroordeel geïgnoreer. Guthridge-Gould (2016:8) wys daarop dat tienerdogters tydens rampe aan verhoogde risiko's soos gedwonge seks en huwelike

blootgestel word en dat hulle regte weens geslagsgebaseerde diskriminasie en ongelykheid selfs meer as normaalweg misken word. Hulle stemme word egter selde gehoor.

Tweedens is navorsing oor die invloed van rampe op kinders redelik beperk en hulle word dikwels oor die hoof gesien wanneer die gevolge van rampe oorweeg word (Wachtendorf, Brown en Nickle 2008:457; Freeman, Nairn en Gollop 2015:104; Kousky 2016:74; Lee 2020:421). Soos Last (1994:193) dit treffend stel: "All children, even in good times, are often unheard but in distress are apt to be simply not seen." Kousky (2016:74) ontleed vorige navorsing oor die invloed van rampe op kinders en meld dat dit oor die algemeen beperk is tot drie velde, naamlik kinders se fisieke en geestelike gesondheid, en onderwys. Die meeste studies oor kinders bestaan uit klein steekproewe wat binne bepaalde kulturele agtergronde gedoen word en meebring dat die bevindings nie veralgemeen kan word nie (Kousky 2016:77). Sy dui ook aan dat daar nie voldoende navorsing bestaan oor die redes waarom rampe sekere gevolge vir kinders inhou nie (Kousky 2016:88). Die navorsing waarna Kousky verwys, dui op sigself leemtes aan, soos dat daar "oor kinders" en nie "met kinders" gepraat word nie, terwyl die navorsing ook nie die menings van kinders weergee nie. Binne die teoretiese raamwerk van die navorsing beteken die ontkenning van beide kinders en dogters se stemme dat hulle verhinder word om by te dra om die sosiale strukture waarin hulle hulself bevind – synde die ramptoestande – te verander terwyl dit hulle menswees as groep en as afsonderlike individue benadeel.

'n Aantal studies kon egter daarin slaag om die stilte van kinders in die algemeen en tienerdogters in die besonder gedurende en oor rampe te verbreek, met beide navorsing en nie-akademiese artikels wat reeds oor die grendelstaat gepubliseer is. In die volgende afdelings word navorsing waarin die direkte bydrae van die dogters duideliker gehoor word, binne die vyf temas van naderby beskou.

4. Vorige navorsing en die empiriese studie

4.1 Inleidende opmerking

Om onnodige herhaling te voorkom, en die ooreenkomste en verskille tussen die empiriese studie en ander bronne uit te lig, word die verskillende bronne as 'n geheel oorweeg. In hierdie afdeling word die agtergrond van die bronne wat gebruik is, sowel as my empiriese studie, kortliks geskets.

4.2 Vorige rampe

In die navorsing is drie bronne gebruik wat direkte aanhalings van tienerdogters oor vorige rampe bevat, naamlik die artikels van Freeman e.a. (2015), Pine e.a. (2015) en Plan (2020).

Freeman e.a. (2015) het navorsing gedoen oor die uitwerking van die 2011-aardbewing in Christchurch, Nieu-Seeland op kinders en tieners. Hulle gaan van die standpunt uit dat, hoewel kinders kwesbare slagoffer tydens rampe is, hulle ook sosiale agente is wat 'n verskil kan maak deur hulle handelinge (Freeman e.a. 2015:104). Die navorsing fokus op kinders en tieners se belewenis van verhuising na die aardbewing en vir dié doel het hulle onderhoude met

94 deelnemers tussen die ouderdom van vyf en agtien jaar, waarvan 54% dogters was, gevoer (Freeman e.a. 2015:106).

Pine e.a. (2015) het ook navorsing oor aardbewings in Nieu-Seeland gedoen, hierdie keer die 2010- en 2011-aardbewings in Canterbury. Hulle doen drie jaar na die aardbewings navorsing om tieners se terugskouende menings oor die wyse waarop hulle van die ramp herstel het, te bepaal (Pine e.a. 2015:117). Anders as Freeman e.a. (2015) het Pine e.a. se navorsing net tieners ingesluit. Hulle het hulle inligting verkry uit vyf fokusgroepbesprekings met deelnemers tussen die ouderdomme van sestien en agtien jaar, waarvan net meer as die helfte dogters was (Pine e.a. 2015:117).

Plan (2020) doen ’n herondersoek oor die gevolge van vier vorige rampe op tienerdogters in Afrika, die midde-Ooste en Asië om die onsekerheid en kwesbaarheid wat hulle tydens die grendelstaat beleef, te verduidelik (Plan 2020:6). Dit word aangevul deur direkte aanhalings uit onderhoude tydens die grendeltyd. Die navorsing is belangrik, nie net omdat dit geografies met Suid-Afrika verbind kan word nie, maar ook omdat dit fokus op tienerdogters wat nie net deur die COVID-19-epidemie nie, maar ook deur die geslagsgeweldepidemie geteister word. Omdat Plan (2020) se navorsing oor beide vorige pandemies en die grendelstaat handel, vorm dit ’n brug tussen bronne voor en tydens die grendelstaat.

4.3 Bronne oor die grendelstaat

’n Aantal artikels van verskillende aard is reeds oor tieners en tienerdogters se emosies en menings tydens die grendelstaat gepubliseer. Vyf bronne met direkte aanhalings van tienerdogters of tieners is gebruik, naamlik Alvis, Douglas, Shook en Oosterhoff (2020), Null (2020) en Noel (2020) in die VSA, UNICEF (2020) in Australië en Kloppers (2020) in Suid-Afrika.

Alvis e.a. (2020) doen navorsing om vas te stel in welke mate pro-sosiale optrede deur en ten behoewe van tieners gedurende die grendelstaat hulle geestesgesondheid en gemeenskapsverbondenheid beïnvloed het (Alvis e.a. 2020:5). Vorige navorsing dui aan dat pro-sosiale gedrag tieners teen die gevolge van rampe beskerm, laer vlakke van depressie en angs teweegbring en terselfdertyd hoër vlakke van die gevoel om te behoort en selfwaarde meebring (Alvis e.a. 2020:4). Vir hulle eie navorsing het hulle op 11 en 12 April 2020 ’n opname onder 437 respondente – hoofsaaklik tieners in graad 9−12 − in die VSA gedoen. Bykans 80% van die respondente was dogters (Alvis e.a. 2020:6).

Null (2020) verwys na verskeie gesprekke wat hy met sy tienerdogter, Zoe, en ander tieners gevoer het tydens die grendelstaat in die VSA. Hy meld dat hulle gesprekke vroeër rondom universiteite en kolleges vir 2021 gewentel het. Nou gaan dit net oor COVID-19. Hy meen dat tieners dit selfs erger as volwassenes ervaar.

Die webblad DoSomething publiseer weeklikse verslae oor hulle lede – tussen 13 en 25 jaar oud − se menings oor verskillende aangeleenthede (Noel 2020). Soos te verwagte, het die tieners en jongmense baie oor die grendelstaat te sê. Verskillende temas kom uit die lede se reaksies na vore, waarvan die belangrikste tydens die opname nie die grendelstaat as sodanig was nie, maar die verband tussen die grendelstaat en geregtigheid na aanleiding van die grootskaalse betogings in die VSA – en trouens wêreldwyd − oor rasseongelykheid gedurende Junie 2020. Alhoewel Noel (2020) nie haar respondente se geslag aandui nie, word die artikel tog by hierdie navorsing ingesluit omdat dit by die ander bronne aansluit.

UNICEF Australië het gedurende April 2020 ’n steekproef onder tieners in Australië gedoen om vas te stel hoe hulle die grendelstaat beleef. Die doel van hulle navorsing was nie slegs om inligting oor tieners te bekom nie, maar ook om te verseker dat hulle stemme in besluitneming gehoor word (UNICEF 2020:1). Meer as ’n duisend tieners het aan die steekproef deelgeneem. Kloppers (2020) doen gedurende April 2020 navorsing oor tieners se belewenisse tydens die eerste gedeelte van die grendelstaat in Suid-Afrika. Die deelnemers – waarvan 80% tienerdogters was − ervaar verskillende emosies, waaronder hartseer, bekommernis, angs en frustrasie, hoewel bykans twee-vyfdes hulleself as “gelukkig” beskou. Die empiriese studie bou voort op hierdie navorsing.

Gegewe die fokus op tienerdogters is dit verblydend dat die onlangse bronne die stemme van tieners en spesifiek tienerdogters insluit. Dit bring mee dat tienerdogters die geleentheid gegun word om hulle plekke binne die gemeenskap vol te staan, ook as agente wat bestaande sosiale strukture – soos die ondergeskikte posisie van vroue en dogters − deur hulle deelname en optrede uitdaag. Alhoewel die navorsing oor die grendelstaat ’n breë basis daarstel, bestaan die leemte dat dit nie ’n aanduiding gee van die moontlike verandering in emosies en menings van tienerdogters tydens die grendelstaat nie. Die aspek word in die empiriese studie ondersoek.

4.4 Die empiriese studie

4.4.1 Navorsingsontwerp

Die doel van die empiriese studie was om op ’n verkennende wyse vas te stel of, en indien wel, in welke mate tienerdogters se emosies en menings gedurende die grendelstaat verander het. Om hierdie doel te verwesenlik, is die navorsing binne ’n kwalitatiewe ontwerp onderneem. Sefotho en Du Plessis (2018:23) meld dat hierdie navorsingsmetode met ’n rolprentkamera wat die onderwerp van alle kante af bekyk, vergelyk kan word. Een van die voordele van ’n kwalitatiewe ontwerp is juis dat dit die moontlikheid bied om “met behulp van oop vrae die onderwerp vanuit verskillende hoeke te verken” (Oosthuizen en Greeff 2020). Alhoewel ’n kwantitatiewe ontwerp oorweeg is, was kwalitatiewe navorsing meer gepas omdat hierdie navorsing ’n verkennende ondersoek is oor ’n onderwerp waaroor nie veel vorige navorsing bestaan nie. Dit bied ook die moontlikheid om die geleefde wêreld van die deelnemers te betree deur hulle die geleentheid te bied om hulle emosies en menings in hulle eie woorde te verduidelik.

Die navorsing is gedurende die grendelstaat gedoen. Dit het beteken dat dit nie moontlik was om onderhoude te voer nie en dat sosiale media ingespan moes word om die kommunikasie tussen navorser en deelnemers te bemiddel. Vir tieners is die gebruik van sosiale media nie vreemd nie. Trouens, jongmense is “superverbind” met die internet en elektroniese media, wat beide ’n integrale deel van hulle lewens is (Álvarez-García, Núñez, González-Castro, Rodríguez en Cerezo 2020:27; Blaya en Audrin 2020:46). Hoewel die metode van inligting-insameling betreklik nuut is, is dit soortgelyk aan dié wat Alvis e.a. (2020:6), Noel (2020) en UNICEF (2020) gebruik het.

4.4.2 Inligtingsbronne en deelnemers

Die inligting vir die empiriese navorsing is verkry uit antwoorde wat deelnemers gedurende die middel van April 2020 en weer gedurende die einde van Mei 2020 op vraelyste gegee het. Die vrae is in Engels opgestel omdat die deelnemers almal Engels magtig is, hoewel dit nie die huistaal van die meerderheid deelnemers is nie. Die twee vraelyste was naastenby dieselfde,

met twee bykomende vrae oor veerkragtigheid in Mei. Die vraelyste het, benewens aanvanklike biografiese gegewens, vrae oor die deelnemers se emosies, vrese en huislike atmosfeer tydens die grendeltyd asook vrae oor die invloed van die grendelstaat op verskillende maatskaplike terreine ingesluit.

Deelnemers is op ’n doelgerigte gerieflikheidsbasis gekies. Die keuse was doelgerig omdat die fokus op tienerdogters was en op ’n geriefsbasis omdat, gegewe die grendelstaat, deelnemers of hulle ouers wat op WhatsApp of e-pos beskikbaar was, versoek is om deel te neem. Die deelnemers se besonderhede is nie uit ’n skool- of ander databasis bekom nie, maar uit vorige kontak met die deelnemers of hulle ouers vir ondermeer redenaarsopleiding en hulpklasse. Deelnemers word dikwels weens praktiese en toeganklikheidsoorwegings op ’n doelgerigte of geriefsbasis gekies (McMillan en Schumacher 2010:137; Strydom en Delport 2011:391) en dit is trouens ook die wyses waarop Freeman e.a. (2015), Pine e.a. (2015) en, meer onlangs, Oosthuizen en Greeff (2020) te werk gegaan het. Deelnemers – of in sommige gevalle hulle ouers – is vir beide die aanvanklike en opvolgende opnames deur middel van WhatsApp genader en versoek om hulle deelname te oorweeg en hulle antwoorde deur middel van WhatsApp of per e-pos terug te stuur. Die meeste deelnemers het WhatsApp verkies en hulle antwoorde as foto’s of direkte boodskappe teruggestuur.

Veertien tienerdogters wat deel was van die aanvanklike navorsing in April 2020 (hierna word bloot na “April” verwys) is genooi om ook aan die opvolgnavorsing aan die einde van Mei 2020 (hierna “Mei” genoem) deel te neem. Elf deelnemers het uiteindelik aan beide steekproewe deelgeneem. Hulle biografiese besonderhede word in tabel 1 opgesom. Die meerderheid deelnemers was uit die Noordwes-provinsie, hoewel tienerdogters uit ander provinsies ook deelgeneem het. Die deelnemers is leerders tussen graad 7 en graad 11 by agt verskillende skole.

Tabel 1. Biografiese besonderhede van deelnemers

	AVA	BONGOYO	CHALANE	ELOISE	JOBO	LUDZI	MELINA	RITA	SOLANI	URILIA	VUYANA
Ouderdom	14	15	15	16	16	12	14	15	15	14	13
Graad	9	10	10	11	11	7	9	10	10	9	8
Huistaal*	S	S	A	E	A	S	S	E	S	S	E
Skool	A	B	C	D	E	A	A	F	G	H	H
Onderrigtaal	E	E	A	E	A	E	E	E	E	E	E
Provinsie	NW	NW	Gauteng	NW	NW	NW	NW	NW	NW	KN	KN

** *A – Afrikaans E – Engels S – Setswana*

4.4.3 Vertrouenswaardigheid

Oosthuizen en Greeff (2020) gebruik die begrip "vertrouenswaardigheid" om die geldigheid en betroubaarheid van kwalitatiewe navorsing te omskryf. Die vertrouenswaardigheid hou vier aspekte in. Die geloofwaardigheid van die navorsing word bepaal deur die vraag of die stemme en menings van die deelnemers duidelik gehoor kan word. Dit beteken dat die deelnemers nie bloot tot data en inligtingsgrepe verskraal word nie, maar dat hulle stemme duidelik in die teks gehoor word (Tupuola, Cattell en Stansfeld 2008:176). Die oordraagbaarheid van die navorsing word bepaal deur die vraag of die navorsing wyer toegepas kan word. Kousky (2019:77) noem verskeie faktore wat die oordraagbaarheid beperk, soos 'n klein steekproef. Die oordraagbaarheid van hierdie studie word egter ondersteun deur voldoende inligting oor die konteks van die deelnemers te gee en vergelykings met bestaande navorsing te tref. Die derde been, betroubaarheid, word verhoog deur enersyds van erkende inligtingsinsamelingsmetodes gebruik te maak (Oosthuizen en Greeff 2020), en andersyds te verseker dat die deelnemers se antwoorde vanuit verskeie invalshoeke wat deur die teoretiese lense gerig is, ontleed word (Filippa 2016:109). 'n Laaste aspek is die bevestigingswaarde van die navorsing. Dit word bepaal deur die antwoord op die vraag of dit wat weergegee word die deelnemers of navorser se mening is. Ten einde hierdie vraag bevestigend te kan beantwoord, word van direkte aanhalings gebruik gemaak.

4.4.4 Etiese maatreëls

Dit is belangrik dat navorsing op 'n etiese wyse uitgevoer word, veral wanneer kinders en tieners betrokke is (McMillan en Schumacher 2010:337; Filippa 2016:94). Dit geld ongeag of dit onafhanklik gedoen word, soos in hierdie geval, en of die navorsingsontwerp deur 'n akademiese instansie se etiekkomitee goedgekeur moet word. Die maatreëls sluit in dat beide deelnemers en hulle ouers ingeligte toestemming tot die deelname gegee het, die deelnemers vrywillig deelgeneem het en in kennis gestel is dat hulle geen vergoeding vir hulle deelname sou ontvang nie. Die deelnemers se identiteit en vertroulikheid word ook beskerm deur die gebruik van kodename, in hierdie geval die name van die tropiese storms vir die 2020/2021-seisoen in die westelike Indiese Oseaan (WMO 2020).

Twee ander belangrike verbandhoudende etiese beginsels moes ook in die navorsing verreken word. Die beginsel van bevoordeling vra na die voordeel wat hierdie navorsing inhou (Filippa 2016:110). Die eerste voordeel is dat dit eerstehandse inligting oor tienerdogters se emosies en menings tydens die grendelstaat bevat. Hierdie inligting kan deur onderwysers en ander opvoedkundiges, maar ook deur vakkundiges soos sielkundiges en sosioloë gebruik word om beide die gevolge van COVID-19 en toekomstige rampe en pandemies te bestuur. Tweedens kan die navorsing die deelnemers self tot voordeel wees omdat die geleentheid om oor die grendelstaat te dink en te skryf hulle in staat stel om meer sin van hulle omgewing en omstandighede te maak en hulle eie veerkragtigheid te verbeter. Midtbust, Dyregrov en Djup (2018:3) meld dat 'n individu se veerkragtigheid nie net uit teoretiese kennis bestaan nie, maar ook uit organiseringsvaardighede, ruimtelike denke en akkurate besluitneming wat die deelnemers moes inspan om die vrae te beantwoord.

Hierdie twee voordele moes opgeweeg word teen die moontlike nadeel wat die deelnemers weens hulle deelname kon ly. Hambrick, O'Connor en Vernberg (2016:165) oorweeg vorige navorsing wat aandui dat ouer kinders nie wesentlik ontstel word deur navorsing wat met trouma verband hou nie. Hulle eie navorsing dui ook aan dat, hoewel sommige kinders ontstel word deur die navorsing, dit nie van blywende aard is nie (Hambrick e.a. 2016:169). Hierdie

bevindings, asook die deelnemers se bereidheid om deel te neem en die feit dat nie een van hulle aangedui het dat die navorsing hulle ontstel nie, het die etiese vraag oor voordeel ten gunste van die navorsing beslis.

5. Tienerdogters se emosies en menings tydens en oor rampe

5.1 Inleidende aantekeninge

Tieners is in 'n ontwikkelingsfase wat hulle meer gevoelig ("impressionable") en kwesbaar maak, maar waartydens hulle ook besluite neem oor aangeleenthede wat wissel van keuses oor skool en beroep tot romantiese en seksuele verhoudings, met die oog daarop om onder meer 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel (Gouws, Kruger en Burger 2008:117; Johnson, Staff, Patrick en Schulenburg 2017:10; Fu, Chow, Lie en Cong 2018:247). Die grendelstaat gaan beslis 'n invloed op die emosies en menings van tienerdogters en hulle besluite uitoefen. In hierdie afdeling word vyf temas hanteer, naamlik tienerdogters se emosies, vrese, menings oor skool en onderwys, menings oor demokrasie en menseregte, en veerkragtigheid. In elke tema word ook na aanleiding van die empiriese studie besin oor die verandering – al dan nie – wat gedurende April tot Mei plaasgevind het.

5.2 Tienerdogters se emosies

5.2.1 Inleidende aantekening

Rampe veroorsaak emosies en in *One South Africa* (par. 33) sê die hof dis verstaanbaar dat die grendelstaat emosionele reaksies van bekommerde burgers ontlok. Mense en gemeenskappe beleef egter nie die ramp op dieselfde wyse nie, wat verskillende emosies meebring (Flynn 1997:613). Die emosionele gevolge van 'n ramp is gewoonlik erger as die fisieke leed en sluit emosies soos angs, spanning, droefheid en smart in (Schultz, Neria, Allen en Espinel 2013:779). Verder dui navorsing daarop dat die wyse waarop kinders op rampe reageer, tot 'n groot mate afhang van die aard van die ramp, demografiese eienskappe en gesinsverhoudings (Wachtendorf e.a. 2008:457) en dat die uitdrukking van emosie die eerste stap is om van die trouma te herstel (Fu e.a. 2018:250).

Tienerdogters reageer egter anders as seuns op rampe en ontstellende gebeurtenisse. Seuns is meer geneig om direk op die probleem te fokus en tot aksie oor te gaan wanneer hulle 'n uitdaging moet hanteer. Dogters maak meer van sosiale hulpbronne en ondersteuningsraamwerke gebruik. Hulle dink ook meer oor probleme as seuns, wat daartoe kan lei dat hulle van innerlike en indirekte strategieë gebruik maak, wat tot laer vlakke van veerkragtigheid kan lei (Schlebusch 2015:15,16). Tienerdogters is ook meer geneig as seuns om hulle emosies uit te druk (Chaplin en Aldao 2013:754).

Die bespreking fokus op vyf groepe emosies, naamlik (i) frustrasie, (ii) bekommernis, hartseer en depressie, (iii) ongeankerdheid en verwardheid, (iv) verveeldheid, eensaamheid en inkluistering, en (v) vreugde en blydskap.

5.2.2 Frustrasie

Alhoewel frustrasie nie dikwels met die eerste fase van die rampfasesmodel verbind word nie (Flynn 1997:613; Flynn en Norwood 2004:599), ervaar tienerdogters dit reeds tydens die grendelstaat. Noel (2020) meld dat 57% van haar respondente gefrustreerd is terwyl die 18-jarige Zoe, ook van die VSA, sê:

> I'm trying to deal with the fact that my high school career is over. Losing track and field, prom, and graduation sucks. And there's no way to cope with it because I'm just never going to get to do those things. It feels like the last four years of hard work have been for nothing (Null 2020, my onderstreping).

Uit die empiriese studie blyk dit dat frustrasie belangriker word. Meer deelnemers is in Mei gefrustreerd as in April en dit lyk of die gevoel in intensiteit toeneem. In April was Chalane (15) bloot "annoyed". In Mei is sy meer uitgesproke en "upset because they are messing up our country". Sy swyg oor wie die "hulle" is, maar Ava (14) lê die skuld voor die deur van kinders wat probleme veroorsaak omdat hulle nie by die huis bly nie.[7] Eloise (16) was in April verveeld, maar die verveling het omgeskakel in frustrasie omdat sy agter raak met haar skoolwerk. Beide Solani (15) en Urilia (14) is gefrustreerd omdat hulle heeltyd in die huis moet bly.

5.2.3 Angs, bekommernis, hartseer en depressie

Dit is te verwagte dat tienerdogters – in die lig daarvan dat volwassenes bang, bekommerd en selfs depressief tydens die grendelstaat is (Wang 2020:17) – ook hierdie emosies sal toon. Alvis e.a. (2020:4) dui trouens aan dat tienerskap gekenmerk word deur 'n verhoogde risiko van emosionele ongesteldhede soos angs en depressie. Die verwagting word deur hierdie navorsing bevestig. Null (2020) dui aan dat angstigheid een van die emosies is wat hy tydens sy gesprekke met tieners opgemerk het, terwyl Noel (2020) meld dat bykans al haar respondente (93%) bekommerd is. UNICEF (2020:6) dui 'n laer voorkoms van angs en bekommernis onder Australiese tieners aan, met 56% van die dogters wat aangedui het dat hulle meer gespanne of angstig is. Slegs 38% van die seuns was egter meer gespanne of angstig.

Soos die geval met frustrasie, dui die empiriese studie daarop dat die algemene angs- en bekommernisvlakke styg soos die grendelstaat uitgerek word. Die aantal deelnemers wat in Mei angs ervaar, is meer as dubbel dié van April. Urilia (14) was in April nie bang nie, maar nou vrees sy dat die pandemie nooit 'n einde gaan kry nie. Vuyana (13) was in April bang omdat sy nie weet wat na die grendelstaat gaan gebeur nie. Nou het haar angs verskuif na haar skoolwerk: "Scared because I'm not really happy with the fact that I'm missing out on schoolwork." Sy is nie die enigste een wat haar angs met skoolwerk verbind nie. Jobo (16) sê: "I fear when I go back to school they will give us tests and I don't think I am ready for it!"

Meer as die helfte van die deelnemers aan die empiriese studie is in Mei ongelukkig of hartseer, met die aantal hartseer deelnemers wat ook sedert April verdubbel het. Ava (14) en Bongoyo (15) het nie in April na hartseer verwys nie, in Mei skryf beide dit daaraan toe dat hulle agter raak met hulle skoolwerk. Melina (14) stem hiermee saam. Sy was en is steeds hartseer: "Still sad because this lockdown does still affect our education." Eloise (16) was ook nie in April hartseer nie, maar nou is sy omdat mense doodgaan en 'n kuur nie gevind word nie. Rita (15) was wel voorheen hartseer omdat die virus so vinnig versprei, maar nou koppel sy dit aan hulpeloosheid omdat die grendeltyd vir 'n baie lang tyd kan voortduur.

Alvis e.a. (2020:12) toon aan dat pro-sosiale optrede ten behoewe van ’n tiener depressie en dus ook negatiewe emosies soos angs en hartseer kan verminder. Die probleem is egter dat die geleenthede om pro-sosiaal op te tree, gedurende die grendeltyd beperk is. Daarby meld Alvis e.a. (2020:12) ook dat pro-sosiale optrede angs kan verhoog. Indien die gevolgtrekkings oor depressie en angs korrek is, laat dit tienerdogters tussen twee vure oor die vraag of hulle pro-sosiaal moet optree om hulle negatiewe emosies te fnuik.

5.2.4 Ongeankerdheid en verwardheid

’n Gevoel van ongeankerdheid (“disconnectedness”) word deur beide tienerseuns en tiener-dogters beleef (Null 2020). Noel (2020) dui aan dat tot soveel as twee-vyfdes dié emosie ervaar. ’n 17-jarige deelnemer stel dit soos volg:

> Ever since Covid-19 I have been in a major funk. I feel disconnected from society and have lost the ability to keep track of time. A lot of the time I barely know what day of the week it is ... It is frustrating seeing others carelessly go outside, without a care in the world. But maybe they are feeling disconnected too, and this is how they cope (Noel 2020, my onderstreping).

’n Emosie wat by ongeankerdheid aansluit, is verwardheid. Meer as die helfte van die tienerdogters wat aan UNICEF (2020:11) se navorsing deelgeneem het – teenoor 39% van die tienerseuns − voel verward, veral oor die botsende uitsprake van die regering en die optrede van hulle gemeenskappe.

5.2.5 Verveeldheid, eensaamheid en inkluistering

Tienerdogters is verveeld. Volgens Null (2020) is dit een van tieners se belangrikste emosies tydens die grendelstaat:

> But most of all they are *bored*. God, how teens are bored ... Every teen I spoke to cited how crushingly bored they had become in just a few days.

Verveeldheid het ook in die empiriese studie voorgekom, maar dit is nie naastenby so belangrik soos dit vir Null is nie. Die enigste deelnemers wat daarna verwys het, was Eloise (16) wat in April aangedui het sy is “bored because of sitting at home” en Vuyana (13) wat meen “lockdown is very boring”.

Sommige tieners voel eensaam. Noel (2020) verwys na die “pervasive loneliness people are experiencing even if they are able to connect virtually” terwyl Null (2020) meld dat tieners feitlik die hele dag alleen moet deurbring en tegnologie nie die antwoord op die eensaamheid bied nie. In Australië ervaar bykans ’n kwart van die tieners ’n gevoel van eensaamheid (UNICEF 2020:14). Deelnemers aan die empiriese studie dui nie aan dat hulle eensaam is nie, maar verwys wel na inkluistering. In April het Melina (14) ’n verband tussen die grendelstaat en ’n tronk getrek: “We feel like prisoners in our own homes.” Twee ander deelnemers doen dit in Mei. Ludzi (12) voel vasgevang (“imprisoned”) omdat sy nie kan rondbeweeg soos sy wil nie. Solani (15) is “unsatisfied and exasperated” omdat sy die meeste van haar tyd binnenshuis soos ’n gevangene (“inmate”) moet deurbring.

5.2.6 Geluk en blydskap

Ten spyte van die somberheid wat die grendelstaat meebring, ervaar 13% van Noel (2020) se respondente liefde en vreugde. Sommige deelnemers aan die empiriese studie het ook aangedui dat hulle bly of gelukkig is, hoewel die aantal effens (van 5 in April tot 4 in Mei) gedaal het. Bongoyo (15) het beide kere aangedui dat sy gelukkig is. Sy is aanvanklik net gelukkig omdat sy by die familie kan wees, maar later voeg sy by dat sy bly is dat sy genoeg tyd het om aan haar wiskundehuiswerk te spandeer. Ook Jobo (16) is steeds gelukkig omdat sy by die huis kan bly en Melina (14) is bly dat daar steeds geen COVID-19-gevalle is waar sy woon nie, hoewel sy byvoeg dat mense nou meer rondbeweeg. Solani (15) is bly omdat sy haar verjaarsdag saam met haar familie kon deurbring. Vir beide Urilia (14) en Vuyana (13) is blydskap egter nie meer een van hulle drie belangrikste emosies nie.

5.2.7 Ander emosies

Benewens die vyf groepe emosies wat hierbo vermeld is, noem die artikels ook ’n aantal ander. Null (2020) noem ’n gebrek aan toekomsvisie en ’n deurlopende gevoel van verlies terwyl Alvis e.a. (2020) na “in-die-padwees” (“burdensomeness”) verwys. In teenstelling met die navorsers se verwagting voel tieners wat self pro-sosiaal optree, meer in die pad. Die navorsers meen dat dit moontlik daaraan te wyte kan wees dat tieners wat reeds die emosies beleef, dit verlig deur ander te help. ’n Ander moontlikheid is dat tieners, wanneer hulle pro-sosiaal optree, só deur ander se leed geraak word dat hulle ook angstig en in-die-pad voel (Alvis e.a. 2020:14).

5.2.8 Oorweging

Die betreklik hoë voorkoms van frustrasie gedurende die grendelstaat en die toename in die voorkoms daarvan wat die empiriese studie aantoon, onderskei die grendelstaat van ander rampe. Dit is moontlik daaraan te wyte dat die grendelstaat, anders as ’n aardbewing of oorstroming, nie inbreuk op die meeste tieners se fisiese omgewing maak nie, maar eerder op die wyse waarop hulle binne die fisiese omgewing optree of mag optree.

Die verskil in die wyse waarop tienerdogters en -seuns emosies beleef (Chaplin en Aldao 2013; Schlebusch 2015:16) word, wat die grendelstaat betref, deur UNICEF (2020:6, 11) se navorsing uitgelig, met dogters wat meer gespanne, bekommerd en verward as seuns is, maar aan die ander kant baie meer as seuns (63% teenoor 54%) met hulle naasbestaandes oor die gevolge van die koronavirus en grendelstaat praat.

Alhoewel die empiriese studie en ander bronne mekaar aanvul ten opsigte van die emosies wat tienerdogters ervaar, is dit kommerwekkend dat die veranderinge wat in die empiriese studie aangetoon word ’n negatiewe neiging volg, met meer verwysings in Mei na negatiewe emosies soos frustrasie, angs en bekommernis en minder verwysings na geluk. In die lig daarvan dat die grendelstaat beide ’n onmiddellike en langdurige invloed op tienerdogters se psigososiale welstand uitoefen (Ghosh e.a. 2020:227), is dit belangrik om nie bloot kennis te neem van die toename in die voorkoms van die negatiewe emosies nie, maar om betyds stappe te doen om dit te hanteer.

5.3 Tienerdogters se vrese

5.3.1 Inleidende opmerking

Tienerdogters se vrese is, soos hulle emosies, uiteenlopend. Die bespreking het reeds hierbo aangetoon dat hulle deur die verloop van die grendelstaat angstiger word. In hierdie paragraaf is die fokus op hulle vrese oor die koronavirus self, die ekonomiese gevolge van die grendelstaat en geslagsgeweld.

5.3.2 COVID-19

Dit is te wagte dat COVID-19 self een van die tienerdogters se vrese sal wees, veral vanweë die pandemiese aard daarvan. Trouens, die virus is, saam met skoolverwante vrese, deelnemers aan die empiriese navorsing se grootste vrees. Die aantal deelnemers wat in Mei daarna verwys, is bykans 70% meer as in April. Die dogters se vrese oor die virus word binne 'n aantal subtemas wat in die navorsing na vore getree het, bespreek.

Die eerste subtema is tienerdogters se vrees dat hulle self of hulle gesinslede die virus kan opdoen. UNICEF (2020:9) se navorsing dui aan dat 27% van Australiese tieners bang is dat hulle self die virus kan opdoen; 'n vrees wat hulle met deelnemers aan die empiriese studie en ander tienerdogters deel. Solani (15) sê: "Losing my life is a constant fear I get to live with every day." Beide Eloise (16) en 'n 19-jarige van Nieu-Hampshire (Noel 2020) is bang hulle geliefdes word aangesteek terwyl 'n tienerdogter aan UNICEF (2020:17) sê dat sy nie net bang is dat sy aangesteek gaan word nie, maar ook dat sy moontlik die virus onder lede kan hê sonder om dit te weet. In die lig daarvan dat COVID-19-slagoffers dikwels nie simptome toon nie (Ghosh 2020:227; Yi e.a. 2020:1758), is laasgenoemde 'n vrees wat moeilik besweer kan word.

Die tweede subtema is die verspreiding van die virus. Ludzi (12) was in April bang vir die virus omdat mense doodgaan. Sy is steeds bang daarvoor, maar nou omdat daar so baie nuwe gevalle is. Melina (14) is ook bang dat die virus nou vinniger gaan versprei, want sê sy, daar is nou meer beweging en mense luister nie na die president nie. Ava (14) dink haar gemeenskap se optrede is tans abnormaal, want "people don't take this COVID-19 serious". Aan die ander kant glo Rita (14) dat as mense aanhou om die inperkingsmaatreëls te gehoorsaam, "it will flatten the curve". Noel (2020) wys op 'n ander aspek van die verspreiding van die virus en sy koppel dit aan die huidige maatskaplike beweging teen rassisme. Drie uit elke vier respondente voel dat rassisme die impak van die virus vererger en meer as die helfte het aangedui dat hulle grootste bekommernis oor protesoptrede die risiko van die verspreiding van die virus is. Ook Solani (15) meld dat sy bang is vir "discrimination and bereavement". Ongelukkig gee sy nie die agtergrond vir die antwoord nie.

Tienerdogters, ongeag waar hulle woon, is ook bekommerd oor die duur van die pandemie. Urilia (14) vrees dat die pandemie vir altyd sal aanhou. Haar mening word deur ander tieners ondersteun:

> I'm nervous because I don't know what to expect. Am I going to be able to go to college next year? … How long will it be until we get back to our normal routines? These are all questions that run through my head constantly every day (18-jarige van Indiana, VSA in Noel 2020).

> When it will end, are there any side effects to the disease? e.g. will there be a second wave? Will it affect [my] ability to have children? (tienerdogter in Australië, UNICEF 2020:11).

> [I feel] sadness, helplessness. The lockdown might continue for a very long time (Rita, 15, empiriese studie).

Die laaste subtema sluit aan by die vorige: tienerdogters is bang dat 'n teenmiddel vir die virus net 'n droom sal bly. Eloise (16) skryf haar hartseer toe aan die feit dat mense doodgaan en 'n teenmiddel nie gevind word nie terwyl Praise, 'n 13-jarige uit Liberië (Plan 2020:11) bang is dat die wêreld altyd in 'n grendelstaat sal bly omdat 'n teenmiddel nie gevind kan word nie. Hulle is nie die enigstes wat so voel nie. Ook Ghosh e.a. (2020:226) klink bekommerd daaroor: "All the relentless, hair-splitting and scrupulous research for developing a vaccine till date ended in much ado for nothing."

5.3.3 Ekonomiese gevolge van die grendelstaat

Dit is, in die lig van die ekonomiese ontberinge wat die grendelstaat veroorsaak het (*De Beer* par. 6.9; *Khosa* par. 6; *Mohamed* par. 65.3; *One South Africa* par. 1; Peters e.a. 2020:1), te wagte dat dit ook een van tieners se vrese sal wees. Alvis e.a. (2020:3) en UNICEF (2020:9) dui aan dat die grendelstaat negatiewe ekonomiese gevolge vir jongmense inhou. Dit word deur Noel (2020) bevestig: 92% van haar respondente is bekommerd oor die ekonomie en 78% dink nie die ekonomie sal vinnig herstel nie. Die jongmense se bekommernisse is nie bloot algemeen nie, met 40% wat aangedui het dat hulle reeds hulle werk of deeltydse werk verloor het.

Die deelnemers aan die empiriese studie bevestig hulle Amerikaanse en Australiese eweknieë se bekommernis en verwys as 'n groep meer in Mei na die ekonomie. Bongoyo (15) was nie in April oor die ekonomie bekommerd nie. Nou verwys sy twee keer daarna dat baie mense hulle werk gaan verloor. Solani (15) is bang dat die meeste Suid-Afrikaanse kinders werkloos sal bly. Ludzi (12) sê haar familie gaan geraak word omdat sommige ondernemings gesluit het, Melina (14) dink aan die klein ondernemings in haar gemeenskap en Urilia (14) is bekommerd dat sommige mense uiteindelik sonder heenkome gaan wees. Die moontlikheid van hongersnood sluit hierby aan. 'n 18-jarige tienerdogter uit Nigerië stel dit só: "Younger ones eat, older ones drink water and go to bed" (Plan 2020:9).

5.3.4 Geslagsgeweld

Dit was, in die lig van president Ramaphosa se "tweede pandemie"-beeld, die verwysings daarna in vorige navorsing (Guthridge-Gould 2016:8; Ghosh e.a. 2020:228; Plan 2020:2) en die feit dat die navorsing oor tienerdogters handel, te verwagte dat geslagsgeweld 'n belangrike rol in die deelnemers se reaksie sou speel. Die oorvleueling tussen geslagsgeweld en die ekonomie word treffende in die volgende verwoord:

> My fear with this virus [COVID-19] is that women will really suffer. We will suffer over food. Men will abuse us. Because if I don't have food and a boy has food, if I ask him for help, he will ask me for sex before he gives me some. This is the suffering I am talking about (Janet, 14, [Liberië 2020], Plan 2020:2).

Geslagsgeweld word egter nie as ’n vrees in een van die Amerikaanse of Australiese bronne (Alvis e.a. 2020; Noel 2020; Null 2020; UNICEF 2020) of die empiriese studie genoem nie. Rita (15) verwys wel in April oorsigtelik na die negatiewe uitwerking van die grendelstaat op gesinne waar daar gesinsgeweld, kindermishandeling en verwaarlosing is terwyl Urilia (14) aandui dat ’n vermindering in geslagsgeweld een van die voordele van die grendelstaat is. Melina (14) merk op dat die grendelstaat negatief ervaar word in verhoudings waar huishoudelike geweld betrokke is. In die lig daarvan dat die deelnemers nie baie na geslagsgeweld verwys nie en hulle antwoorde betreklik algemeen is, kan die afleiding moontlik gemaak word dat die deelnemers dit genadiglik vryspring en hopelik nie net bloot te skaam is om daaroor te praat nie.

5.4 Tienerdogters se menings oor skool en onderwys

5.4.1 Inleidende opmerking

Onderwys is vir tienerdogters belangrik en rampe soos die grendelstaat kortwiek dit (Bonanno, Brewin, Kaniasty en La Greca 2010:15; Gibbs, Snowdon, Block, Gallagher, MacDougall e.a. 2014:68; Kloppers 2020; Prime e.a. 2020:1; Van der Berg en Spaull 2020). ’n Skool is immers, soos Ghosh e.a. (2020:228) dit stel: “Not only an educational hub, but also a home outside the home with plentiful free space.” Dat onderwys vir tienerdogters belangrik is, is nie net ’n wye stelling wat deur volwassenes gemaak word nie. Tienerdogters beskou dit self as baie belangrik en is besorg oor die invloed wat die grendelstaat daarop uitoefen. ’n 14-jarige vlugtelingdogter in Bangladesh verwoord dit só:

> I want to be educated but cannot. This is the biggest interruption/barrier in my life. I have a desire to establish myself by studying (Plan 2020:8).

Deelnemers aan die empiriese studie ondersteun die dogter se mening. Hulle verwys, as ’n groep, 27 keer in April en 38 keer in Mei na onderwys of skole. Solani (15) betreur die gevolge wat die grendelstaat op onderwys het:

> I feel disconsolate as our education is being delayed and that our lives are likely to be at risk as we are supposed to go to school while the statistics of Covid-19 increase at a high rate.

5.4.2 Die tienerdogters mis skool

Tienerdogters wil graag teruggaan skool toe. Dit word miskien die beste opgesom in die woorde van Emma, ’n 17-jarige, wat deur Null (2020) aangehaal word:

> When you’re in school you only think about going home, and now that you’re home, going to school is all you want to do.

Emma is nie die enigste nie. Haar mening word ondersteun deur 72% van Noel (2020) se respondente wat aangedui het dat hulle skool toe sal gaan as die skole heropen en bykans 60% dat hulle skole meer waardeer. Null (2020) meld dat veral senior hoërskoolleerders bang is dat hulle nooit in staat sal wees om hulle skooljare en tienerskap finaal af te sluit nie. Die empiriese studie dui ook aan in welke mate deelnemers die skool mis. Bongoyo (15) is hartseer “because

honestly speaking I miss school" en Ava (14) sê kort en kragtig: "We want to resume our school work."

5.4.3 Bekommernis oor skoolwerk

Tieners en tienerdogters is ook bekommerd oor hulle skoolwerk (Noel 2020; UNICEF 2020:5). Dit kom in die empiriese studie na vore met meer deelnemers (7 teenoor 5 in April) wat spesifiek aandui dat leerders agter raak. Deelnemers is ook bang dat hulle die jaar gaan druip of dit sal moet herhaal omdat die skole nie gaan heropen nie. Solani (15) is die enigste uitsondering. Sy sê dat sy op koers is met haar skoolwerk, tog is sy ook bekommerd oor ander leerders wat reeds agter geraak het. Bongoyo (15) is egter van mening dat sommige kinders nie skoolwerk wíl doen nie: "Some are not focusing on their books. They are busy roaming around on the streets." Sy verwys ook na skole wat nie tydens die grendeltyd skoolwerk aan leerders gestuur het nie. Jobo (16, in April) waarsku dat leerders wat nie self-dissipline aan die dag lê nie, nie die paal gaan haal nie.

Ander bekommernisse van die deelnemers sluit in dat daar te veel druk op leerders sal wees as die skole heropen en dat veral ouer leerders nie weer sal terugkeer skool toe nie. Rita (15) vat dit goed saam:

> The global lockdown on education institutions is going to cause major and likely unequal interruptions in student learning, disruptions in internal assessments and cancellation of public assessments for qualifications or replacement by inferior alternatives.

5.4.4 Onderwysers is beter as aanlyn onderrig

'n Interessante mening wat na vore kom en wat waarskynlik in die nabye toekoms meer navorsing sal verg, is tienerdogters se siening oor aanlyn onderwys of die gebruik van sosiale media. Die tienerdogters wie se stemme in hierdie artikel gehoor word, dui aan dat die onderwysberoep en klaskamers nog veilig is. Die 18-jarige Zoe dink nie veel van aanlyn onderrig nie:

> Online schooling is mostly a joke, just to say that we 'did school'. I do maybe 30 minutes of work a day now. The Zoom chats are super unproductive, just a waste of time (Null 2020).

Haar mening word deur ander gedeel:

> Being on the screen, there's sort of that physical barrier and you feel like well now I'm so isolated that I can't get involved … (tienerdogter, UNICEF 2020:8).

> Going to school is necessary in this day and age. Not to bash on online school, but it can only do so much (Noel 2020).

Ook in die empiriese studie dui deelnemers aan dat hulle onderwysers bó aanlyn klasse verkies. Alhoewel Vuyana (13) erken "online schooling does help", meen Ava (14) "some of us need clarity from the teachers" en Jobo sê: "I think learners are struggling without teachers and concentration." Melina (14) sê reeds in April dat daar leerders is wat dit verkies om in 'n klas

te sit eerder as om self by die huis te leer. In Mei word haar algemene antwoorde baie meer persoonlik:

> Looking at myself I realised that I'm much better off at school learning because by just sitting here at home, it's the more I'm becoming lazier and being behind with the schoolwork so maybe if we could go back to school things would change.
>
> We are trying our best to focus on the school work but it seems like it is not working, sometimes as a learner you'll be taking a book, trying to read and do the work requested, but you'll find like this is just a waste of time as you won't be understanding a thing from what you read and wrote.
>
> Being teached [sic] by a teacher is much better than trying on your own, I mean that's the reason why there are teachers.

Urilia (14) verkies ook gewone skool want, sê sy: "The work learners are being given on chats and online school is more than what they would give at school." Dit was trouens opmerklik dat die twee leerders in skool "J" (Vuyana en Urilia) die enigste twee deelnemers is wat direk na aanlyn skool verwys het. Die res van die deelnemers het, as hulle dit genoem het, bloot verwys na skoolwerk wat "na hulle gestuur word" wat waarskynlik opdragte deur WhatsApp en ander sosiale media eerder as interaktiewe aanlyn klasse beteken. Aansluitend hierby was Ava (14) in April bekommerd dat sommige leerders nie toegang tot sosiale media of selfs radio of televisie het nie, 'n bekommernis wat sy met Australiese tieners deel (UNICEF 2020:4).

5.4.5 Oorweging

Dit is geen verrassing dat tienerdogters ernstig oor onderwys voel nie. Drie aspekte van hulle menings staan egter uit. Eerstens toon die empiriese studie aan dat die deelnemers meer bekommerd raak oor onderrig soos die grendelstaat vorder. Dit is belangrik omdat hierdie leerders met hulle bekommernisse oor 'n verlore jaar, of werk wat nie ingehaal kan word nie, se vrese besweer moet word wanneer hulle terugkeer skool toe. Tweedens is die skool steeds belangrik − en dit was opmerklik dat hierdie mening deur al die tienerdogters gedeel is en dat hulle mening dat skole moet heropen in skrille kontras met die navorsingsbevindings van Ipsos (2020b) is, wat aandui dat volwassenes ongemaklik voel oor die heropening van skole. Derdens is die tienerdogters se menings oor onderwysers en aanlyn onderrig insiggewend omdat hulle nie ondersteuners van aanlyn onderrig is nie. Trouens, Melina (14) se mening (taalfout en al!) dat dit beter is om deur 'n onderwyser onderrig te word, is beide 'n pluimpie vir onderwysers en 'n klap in die gesig van tegnologie, des te meer omdat sy ook deur tieners in ontwikkelde lande soos die VSA en Australië ondersteun word.

5.5 Tienerdogters se menings oor menseregte en demokrasie

5.5.1 Inleidende opmerking

Gegewe dat menseregte en demokrasie reeds onder bespreking in die grendelstaat is (*Khosa* par. 9; Sibley e.a. 2020), is die vraag hoe dit tienerdogters raak. Die vraag word in drie onderafdelings beantwoord, naamlik die menings van jongmense in die VSA en Australië, en deelnemers aan die empiriese studie se menings oor menseregte en demokrasie.

5.5.2 Jongmense in die VSA en Australië

Volgens Noel (2020) voel sommige respondente dat hulle tans ook deur twee pandemies geteister word: COVID-19 en rassisme. Driekwart van die respondente voel dat rassisme die gevolge van die grendelstaat vererger terwyl 28% aangedui het dat hulle ook by die protesbeweging betrokke wil wees, dog te bang is vir die koronavirus. Slegs 10% van die respondente ondersteun die regering, maar 72% is van mening dat die burgerlike samelewing beide pandemies sal oorkom. Trouens, net meer as die helfte dui aan dat dit burgers – en nie die regering nie – se verantwoordelikheid is om maatskaplike probleme op te los.

Alhoewel UNICEF (2020) nie na menseregte en demokrasie verwys nie, beteken dit nie dat tienerdogters hulle nie daaroor uitspreek nie. Twee aspekte staan uit. Die eerste is dat tieners voel dat die pandemie en grendelstaat wys dat wanneer regerings en ander instansies saamwerk, oplossings vinniger gevind kan word. Tog betreur 'n tienerdogter uit Nieu-Suid-Wallis dit dat daar vir meer as 20 jaar oor die klimaatskrisis gepraat word, maar niks gedoen word nie "because it has not financially affected us yet" (UNICEF 2020:7). Die tweede aspek is dat tieners se rolle as rolspelers in die samelewing nie voldoende deur besluitnemers verreken word nie. Trouens, 40% meen dat besluite soos die heropening van skole wat hulle raak, geneem word sonder om hulle in ag te neem. Twee tienerdogters (UNICEF 2020:13) som hulle gevoel op:

> I personally don't think we have really had any kind of voice [during the pandemic]. I don't think we have been depicted as anything. I think we have been depicted more as stats and facts.
>
> I think the government and everybody who's older than us forgets that we're the future … I guess we need to have more conversations and really have our voices heard … nobody's really listening.

Hoewel die samelewing oor die algemeen, en Suid-Afrika in die besonder, die "beste belange van kinders" as baie belangrik beskou (*One South Africa* par. 131; Reyneke en Reyneke 2020:70), kan die vraag met reg na aanleiding van die twee aanhalings gevra word of dit bloot leë woorde is omdat tienerdogters in besluitneming oor die hoof gesien word.

5.5.3 Empiriese studie: menseregte

Die deelnemers is gevra oor hulle mening oor die invloed van die grendelstaat op menseregte. Sommige deelnemers het klei getrap met die vraag met deelnemers wat dit nie beantwoord het nie of onsamehangend daarop gereageer het. Die deelnemers wat wél sinvol geantwoord het, was egter uitgesproke.

Twee deelnemers dink die grendelstaat het 'n positiewe invloed op menseregte. Bongoyo (15) dink nie dit het enige invloed nie, want dit help dat mense nie die virus kry nie en Eloise (16) dink menseregte word nie verbreek nie omdat "everybody's right to proper health care is being taken care of." Meer deelnemers verskil van hulle. Alhoewel Chalane (15) net sê dis onbillik ("unfair") dat menseregte so geskend word en Urilia (14) voel dit word geïgnoreer, is ander meer spesifiek:

> It totally has a bad influence on the human rights. For example everyone has the right to freedom of association but since the lockdown, we are not allowed to associate with anyone and for movement we need a permit (Melina, 14).
>
> Human rights don't seem to matter at this point – the government seems to be the one in control (Vuyana, 13).
>
> The police and army should not enforce the COVID-19 lockdown at the expense of undermining human rights, personal dignity, and common sense. For instance, in the few first days of the lockdown, more people died from police and army's heavy handiness [sic] than from the corona virus (Rita, 15).

Alhoewel Rita se stelling waarskynlik feitelik verkeerd is, is sy is nie die enigste deelnemer wat na die polisie-optrede verwys nie. Ludzi (12) was reeds in April bang vir die polisie omdat sy op die televisie gesien het hulle dreig mense, en Vuyana (13) het opgemerk dat daar "a bit of fear" is met die polisie in die omgewing. Verder kwel korrupsie tydens die uitdeel van kospakkies. Rita (15) sê dat kospakkies vir mense sonder inkomste bedoel was, maar "the officials sold it to the local tuck shop because of their greed." Die beperking oor die bywoning van begrafnisse is ook steeds 'n bekommernis. Melina (15) sluit haar by deelnemers in April (Kloppers 2020) aan en sê dat dit 'n probleem word wanneer iemand begrawe word "as he won't be able to get a proper farewell / proper funeral [sic]." Ava (14), het egter 'n aweregse mening hieroor: "Funerals: We blacks we spend less time and less cost in this pandemic."

5.5.4 Empiriese studie: demokrasie

Soos met die vraag oor menseregte, het nie al die deelnemers die vraag oor die invloed van die grendelstaat op demokrasie volledig beantwoord nie. Van diegene wat wel geantwoord het, was slegs twee deelnemers in April van mening dat die grendelstaat die demokrasie benadeel terwyl vier gedink het die invloed is positief of minstens neutraal. In Mei is daar twee positiewe stemme:

> There is democracy and freedom. Everybody is instructed to do one thing and that is to protect themselves regardless of who they are and where they come from (Eloise, 16).
>
> There is no influence on democracy because honestly speaking we should not be concerned about democracy and we should be concerned with people's lives (Bongoyo, 15).

Die ander deelnemers is egter meer krities. Rita (15) beantwoord die vraag met 'n stelling en teenvraag. Sy sê dat regerings reg oor die wêreld streng inperkingsmaatreëls ingestel het om die virus se verspreiding te bekamp. Dan vra sy of die burgery die demokratiese stelsel vertrou om te reageer as hulle met ernstige bedreigings ("grave threats") gekonfronteer word. Vyf deelnemers dink nie so nie.

> I thought we were supposed to be living in democracy but we are prohibited. We can't even say what we like about coronavirus or even joke about it. Our freedom of expression has been encroached and impinged on. Our freedom of expression is no longer respected (Solani, 15).

'n Aspek wat met demokrasie verband hou, is die wyse waarop mense die inperkingsmaatreëls nakom. Ava (14) dink die atmosfeer in haar woonbuurt is abnormaal omdat mense nie die virus ernstig opneem of die maatreëls nakom nie. Bongoyo (15) noem dit ook, maar sy sê hulle dra darem maskers. Melina (14) sê waar sy woon lyk dit nie of daar 'n grendelstaat is nie. Sy is ook besorg daaroor dat die atmosfeer nie meer "cool" is nie omdat so baie mense rondbeweeg. Drie deelnemers dink nie veel van hulle gemeenskappe se optrede nie. Beide Ava (14) en Ludzi (12) beskou hulle gemeenskappe as "onnosel" ("ignorent" [sic]) terwyl Solani (15) dink hulle is "flabbergasted!"

5.5.5 Oorweging

Die bespreking dui aan dat tienerdogters beslis oor menseregte en demokrasie dink, hoewel dit teleurstellend is dat so baie deelnemers aan die empiriese studie die vrae gesystap het. As 'n geheel dui die inligting egter aan dat tienerdogters nie skroom om hulle regte uit te oefen en te sê as hulle nie met die regering saamstem nie. Die aanhalings van die Australiese dogters fokus weer die aandag op Last (1994:193) se opmerking dat jongmense se menings tydens rampe oor die hoof gesien word. Die empiriese studie dui ook aan dat deelnemers minder tevrede met die stand van die demokrasie en menseregte raak soos wat die grendelstaat aanhou. Dit ondersteun die neiging in die ander temas dat hulle al hoe meer negatief word. Omdat positiwiteit 'n teken van veerkragtigheid is, moet die vraag dus gevra word of tienerdogters se veerkragtigheid besig is om te taan. Dit kom in die volgende paragraaf onder die loep.

5.6 Tienerdogters se veerkragtigheid

5.6.1 Lesse uit die verlede

Veerkragtigheid is die vermoë om rampe te oorleef ten spyte van ontberinge (C. van Wyk 2020:244). Navorsing oor rampe in die verlede wys dat tieners en tienerdogters in staat is om rampe te oorkom. Freeman e.a. (2015:107) meld dat al hulle deelnemers die voortdurende gevaar van aardbewings goed hanteer het, ten spyte daarvan dat skole na die 2011-aardbewing vir verskeie weke – en sommiges selfs permanent – gesluit is en die ramp negatiewe ekonomiese gevolge en emosionele ontberinge veroorsaak het. Tienerdogters kan tydens en na rampe veerkragtig en selfs as sosiale agente optree:

> Make sure you keep an eye on your family and friends. Make sure they are all right and be prepared (Victoria, 18, Freeman e.a. 2015:108).
>
> Just try and continue, you know ... Don't just stop and be like, 'I don't want to do this anymore.' Because then you … won't handle it. You need to try and continue as normal as you can (Helen, 17, Freeman e.a. 2015:109).

Pine e.a. (2015:119) koppel hulle deelnemers se veerkragtigheid aan tieners se kennis van aardbewings. Die feit dat die deelnemers meer gereed vir aardbewings was, het hulle vrese verminder en mettertyd groter bewustheid, gemak en selfversekering meegebring (Pine e.a. 2015:119). Die deelnemers se herstel blyk ook uit die gemak waarmee hulle na drie jaar oor die ramp kon praat. Een deelnemer verduidelik dit soos volg:

> Like feeling ok about your situation. For a long time whenever it got mentioned or whenever I talked about it, I would get really really upset and not really want to talk about it (vroulike deelnemer uit Groep 1, Pine e.a. 2015:119).

Die navorsing het ook aangedui dat faktore soos gemeenskapsbetrokkenheid, die heropening van skole en hervatting van normale programme en die sigbare herstel van geboue die tieners se eie herstelprosesse ondersteun het (Pine e.a. 2015:121–2). Alhoewel die navorsing van beide Freeman e.a. (2015) en Pine e.a. (2015) eers drie jaar na afloop van die ramp gedoen is, hou dit tog belangrike lesse vir die grendelstaat in, soos dat tieners in staat is om sin te maak van die gebeure wanneer hulle oor voldoende kennis daaroor beskik en hulle lewens na normaal terugkeer.

5.6.2 Veerkragtigheid in die grendelstaat

Tienerdogters se positiwiteit en veerkragtigheid blyk nog nie so klinkklaar in die grendelstaat nie. In beide Null (2020) en Noel (2020) se artikels is tekens van veerkragtigheid te bespeur, maar die verlies en negatiwiteit lê nog baie vlak: "... there's no way to cope with it because I'm just never going to get to do those things" (Zoe, 18 in Null 2020). Hierdie somberheid word ook in Australië geëggo:

> I don't have any aspirations at the moment. I just get up and I do what's asked of me and then email and end my day with a walk. It's really, really disheartening at the moment (tienerdogter, UNICEF 2020:2).

Trouens, slegs 38% van die tienerdogters wat aan hulle navorsing deelgeneem het, het aangedui dat hulle in staat is om hulle omstandighede te hanteer en slegs 19% het gedink hulle sou die grendelstaat teen die einde van Junie 2020 nog kon hanteer. Aansluitend daarby het 42% aangedui dat hulle minder hoop as vroeër het (UNICEF 2020:3). Dit is opmerklik dat daar bitter min tekens van veerkragtigheid in die talle aanhalings in die verslag is. Hierdie bevindings ondersteun oënskynlik die mening dat dogters moontlik minder veerkragtig is (Schlebusch 2015:16).

Die artikels oor Australiese en Amerikaanse tieners toon egter ook 'n ander sy wat op veerkragtigheid dui. Alvis e.a. (2020:25) bevind dat tieners self op verskillende wyses as sosiale agente opgetree het, met bykans 40% van die respondente wat aangedui het dat hulle gedurende die voorafgaande sewe dae dikwels vriende en familielede wat bekommerd was oor COVID-19 ondersteun het. Dit blyk ook uit Noel (2020) se opname:

> I think Covid-19 has been really eye-opening and has motivated and inspired me to really use all the time I've got towards getting out there and supporting the issues I care about (14-jarige, Noel 2020).

> I always try to stay positive, doesn't matter the situation. I like to see the cup half full … A lot of people tend to talk about the negative aspect about [the pandemic], but because of it I've gotten more active. I've gotten more resourceful and been trying a lot of different activities and cooking recipes (18-jarige, Noel 2020).

Sy meld dat respondente meer betrokke en beter ingelig is en as agente van verandering wil optree (Noel 2020). Ook in Australië is tekens van veerkragtigheid te bespeur, met 19% van

die tienerdogters wat aandui dat die virus en grendelstaat ’n positiewe uitwerking op hulle gevoel van hoop het.

5.6.3 Die empiriese studie

Die empiriese studie ondersteun die tweesydigheid in tienerdogters se veerkragtigheid. Aan die een kant is hulle oënskynlik redelik gelukkig. Op die algemene vraag oor hoe gelukkig hulle voel, het slegs Ludzi (12) aangedui dat sy ongelukkig is. Sy is in April “meestal ongelukkig” maar in Mei “altyd ongelukkig”. Die ander tien deelnemers het, oor die twee steekproewe heen, dieselfde of gelukkiger gevoel. Hierteenoor staan die werklikheid dat hulle in Mei meer negatiewe emosies toon, banger is vir die virus, meer bekommerd oor skool en onderwys is, en menseregte en demokrasie negatiewer beleef.

Die tweesydigheid word ook bevestig in deelnemers se antwoorde op twee nuwe vrae in Mei. In die eerste moes die deelnemers aandui hoe hulle die grendelstaat hanteer (“cope”) en in die tweede moes hulle hulself met een woord beskryf. Wat hanteringstrategieë betref, hou die meeste hulleself besig met positiewe aktiwiteite. Dit sluit in om na opvoedkundige programme op televisie te kyk (Ava, 14), om speletjies te speel en te leer (Bongoyo, 15), te lees (Vuyana, 13 en Rita, 15) en nie te veel oor die virus te dink nie (Melina, 14 en Solani, 15). Solani sê ook dat sy positiewe selfgesprekke gebruik om die negatiewe gedagtes die hok te slaan terwyl Jobo (16) se strategie die beste klink: slaap meer, beplan jou roetine, oefen in die oggende en “drink hot chocolate to cope”. In die lig van die strategieë wat die deelnemers gebruik, is dit dus nie vreemd dat sommige hulself as vasbyters (Eloise, 16), gelukkig (Bongoyo, 15, Chalane, 15 en Vuyana, 13) en selfs vernuwe (“rejuvenated”, Solani, 15) beskou nie. Dit, ten spyte daarvan dat sommige van hulle toegee dat hulle baie ongelukkig (Ludzi, 12), gespanne (Rita, 15) en bekommerd (Ava, 14) is en selfs “stress relief pills, lots of them” (Chalane, 15) gebruik om die grendelstaat te hanteer.

5.6.4 Oorweging

Dit is belangrik om, in die lig van die rampfasesmodel, ’n onderskeid te tref tussen die navorsing van Freeman e.a. (2015) en Pine e.a. (2015) en die grendelstaat. Eersgenoemde twee is drie jaar ná die rampe gedoen, wat waarskynlik beteken dat dit gedoen is terwyl die deelnemers die laaste twee fases van hulle persoonlike herstel beleef het. Hoewel sommige van Pine e.a. (2015:122) se deelnemers steeds ontevrede was oor die stadige pas van die herbouing van beskadigde geboue en die gebrek aan geriewe wat op tieners gerig is, is dit duidelik dat die meeste deelnemers in beide studies gereed was om met hulle lewens aan te gaan. Ten tyde van die skryf van hierdie artikel en die empiriese studie was die grendelstaat steeds ’n werklikheid, en die werklikheid is nie rooskleurig nie. Dit is aan die een kant kommerwekkend dat sommige tienerdogters aandui dat hulle nie die omstandighede kan hanteer nie, uiters ongelukkig is of medikasie moet gebruik.

Gelukkig is die teenkant ook waar: Daar is tienerdogters wat die grendelstaat veerkragtig aanpak. Binne die Suid-Afrikaanse konteks van die empiriese studie kan die algemene geluk en veerkragtigheid van die deelnemers ten spyte van die grendelstaat moontlik in *ubuntu* en die band tussen die individue en hulle mikrosisteme gevind word. Dit is opmerklik dat die deelnemers as ’n groep 43 keer na gesinne of families (“family”) verwys. Deelnemers gee om vir hulle naasbestaandes. Omgee, as ’n vorm van pro-sosiale optrede, is ’n beskermingsfaktor teen rampe (Alvis e.a. 2020:3). Die teenkant van die munt is dat gesins- en familiebande ook

'n beskermingsfaktor teen rampe is (Schlebusch 2015:60; C. van Wyk 2020:250). Die deelnemers aan die empiriese navorsing is trouens die enigste groep wat nie na "eensaamheid" verwys nie. Hierdie tienerdogters het dus "dubbele beskerming" binne die raamwerk van *ubuntu*.

6. Implikasies van die navorsing

6.1 Inleidende opmerking

Alhoewel die menings van die tienerdogters in die vorige afdeling op sigself interessante en openbarende leesstof is, is dit selfs belangriker om die implikasies van hulle woorde in ag te neem. Ses implikasies word in hierdie afdeling oorweeg.

6.2 Tienerdogters bly tienerdogters

Die implikasie lyk voor die hand liggend, maar die navorsing bevestig dat tienerdogters wêreldwyd dieselfde emosies, vrese en menings deel. Dit was trouens soms onthutsend om aanhalings te lees wat grootliks ooreenstem, maar dan gelukkig te besef dat die tienerdogters nie "by mekaar kon afskryf" nie, omdat die opnames gedurende dieselfde tyd in verskillende dele van die wêreld gedoen is en dus nog nie gepubliseer was nie. Dit beteken dat navorsing wat oor tienerdogters in 'n spesifieke omgewing gedoen word, binne die konteks van ander tienerdogters veralgemeen kan word.

Dit is ook belangrik om, wanneer alternatiewe oorweeg word om die gevolge van die grendelstaat te hanteer, in gedagte te hou dat tienerdogters soms anders as seuns voel, dink en optree, al is hulle almal tieners (Chaplin en Aldao 2013:759). Dit beteken dat onderwysers en ander praktisyns daarop bedag moet wees dat 'n eenvormige ("one size fits all") benadering, veral wat die uitbou van tienerdogters se veerkragtigheid betref, waarskynlik tot mislukking gedoem is. Hulle moet ook daarteen waak om tienerdogters te stereotipeer. Beide geslagte kan probleemoplossend dink en optree, hoewel die wyse waarop hulle dit doen, mag verskil (Piko 2001:232). Daarby waarsku Chaplin en Aldao (2013:760) dat kontekstuele faktore 'n belangrike rol in tieners se emosies speel. Oplossings vir tienerdogters behoort dus beide hulle geslag en kulturele agtergrond in ag te neem.

In die praktyk kan dit byvoorbeeld beteken dat onderwysers aan tienerdogters die geleentheid bied om oor die grendelstaat en hulle emosies te praat en as 'n groep te besluit hoe hulle gaan optree. Kommunikasie, empatie en hulpsoekende gedrag is immers van die metodes wat tienerdogters gebruik om sin van hulle omstandighede te maak (Schlebusch 2015:16). Daarteenoor kan seuns – in die lig daarvan dat hulle meer aksie-gefokus is en strategieë ontwikkel om in beheer te bly (Schlebusch 2015:16) − elkeen 'n "tienpuntplan" uitwerk oor die wyse waarop hy die grendelstaat gaan hanteer.

6.3 Die grendelstaat is 'n uitsondering op die reël

Die grendelstaat is om minstens drie redes nie 'n "normale ramp" – as só iets moontlik is – nie. Eerstens is die omvangrykheid daarvan ongekend. Dit word deur die navorsing, artikels en hofuitsprake waarna verwys word, bevestig.[8] Tweedens dui tienerdogters se frustrasie, sommiges

se blydskap en hulle ergernis oor die wyse waarop menseregte en demokrasie hanteer word, aan dat die grendelstaat nie gemaklik binne die rampfasesmodel inpas nie. Die bespreking het trouens aangedui dat hulle nou reeds emosies en menings wat binne enige van die vyf fases tuishoort, beleef. Dit is te verstane, aangesien die grendelstaat derdens nie binne 'n betreklike kort tyd gebeur en afgeloop het nie. Soos Rita (15) dit stel: die grendelstaat kan nog vir "'n baie lang tyd" voortduur en in *One South Africa* (par. 94) sluit die hof by haar aan deur te waarsku: "Whatever measures are adopted to safeguard the population from the threat it poses, must be ones that the country can live with for a period of between 18–24 months." Rita se kommer en die hof se waarskuwing moet ook gelees word teen die agtergrond van skole wat nog nie heropen het nie, of wél heropen maar weer tydelik gesluit het (Dayimani 2020; Hlati 2020). Onsekerheid en die grendelstaat loop hand aan hand (Peters e.a. 2020:10). Dit is dus noodsaaklik dat tienerdogters van die nodige kennis en vaardighede voorsien word om onsekerheid te bestuur.

6.4 Negatiewe emosies word belangriker

Die doel van die empiriese studie was om te bepaal of veranderings in tienerdogters se emosies en menings gedurende die grendelstaat voorgekom het. Die vraag is bevestigend beantwoord, maar ongelukkig is die meeste bevindings negatief. Deelnemers is meer gefrustreerd, banger, bekommerder en minder gelukkig. Hierdie bevindings is kommerwekkend en hou, veral in die lig daarvan dat die grendelstaat kan voortduur, belangrike implikasies in. Eerstens is dit nodig dat ondersteuning reeds tydens die grendelstaat aan tienerdogters gegee moet word. Ouers en versorgers speel hier 'n onvervangbare rol omdat hulle die dogters se natuurlike veerkragtigheid bevorder (C. van Wyk 2020:251) en kan help om na die "bigger picture beyond this temporary bedlam" te kyk (Ghosh 2020:232).

Tweedens moet skole en onderwysers hulle gereedmaak vir leerders wat – minstens aanvanklik – die letsels van negatiewe emosies gaan dra. Dit bring die belangrikheid van trouma-bewuste skole ("trauma-informed schools") op die voorgrond waar die uitgangspunt is dat 'n onderwyser aanvaar dat verskeie leerders in die klas troumaslagoffers is en dat die trouma binne 'n veilige omgewing hanteer moet word (Reyneke 2020:221, 227). Een van die wyses waarop dit reeds tydens die grendelstaat gedoen kan word, is deur "emosionele ontsmetting" na aanleiding van die proses wat Lissoni, Del Negro, Brioschi, Casella, Fontana, Bruni en Lamiani (2020:1) vir kliniese personeel aanbeveel. Die "ontsmettingsproses" bestaan uit drie dele, naamlik om 'n gevoel van geborgenheid en vertroue by die tienerdogters te skep, om aan hulle te bevestig dat hulle steeds aan die groep behoort en doelwitte en uitdagings met die groep deel, en om hulle daarvan te verseker dat hulle emosies en menings belangrik is (Lissoni e.a. 2020:2). Die "sirkel van dapperheid" waarna C. van Wyk (2020:254–9) verwys, sluit hierby aan. Dit is gegrond op vier waardes wat tienerdogters kan gebruik om die trouma van die grendelstaat te verwerk, naamlik geborgenheid, bemeestering, onafhanklikheid en edelmoedigheid.

6.5 Aanlyn onderrig

Binne die huidige gewoel oor aanlyn en afstandsonderrig, en gegewe dat tienerdogters amper onlosmaaklik aan sosiale media verbind is (Álvarez-García e.a. 2020:27; Blaya en Audrin 2020:46), is die bevindinge daaroor openbarend. Dit was aan die een kant te wagte dat 'n onderskeid bestaan tussen tienerdogters wat toegang daartoe het en diegene wat dit nie het nie. Tog was dit interessant om die breë bekommernis ten behoewe van daardie leerders op te merk,

met die hof (*Mohamed* par. 65.1), 'n tienerdogter in Australië (UNICEF 2020:4), tieners in Suid-Afrika (Kloppers 2020) en deelnemers aan die empiriese studie wat uitdruklik daarna verwys.

Die negatiewe mening oor die gebruik van aanlyn en afstandsonderrig was onverwags, soveel te meer omdat tienerdogters in al drie lande (VSA, Suid-Afrika en Australië) onderwysers in klaskamers verkies. Dit beteken dat skole en onderwyskundiges sal moet herbesin oor die gebruik daarvan en dat ouers wat besluit om nie hulle kinders terug skool toe te stuur nie, maar eerder van aanlyn skole gebruik wil maak, hulself daarop moet voorberei dat die leerders moontlik nie so ingenome met die nuwe leermetode sal wees nie. Dit hou ook ander implikasies in, soos dat onderwysers en besluitnemers sal moet besin oor die nut van skoolwerk wat gedurende die grendelstaat elektronies aan leerders gestuur word. Die keersy is natuurlik dat onderwysers – minstens ten opsigte van hierdie geslag tienerdogters – 'n sug van verligting kan slaak omdat hulle nog in aanvraag is. Dit beteken ook dat die welsyn van onderwysers belangrik is. O'Toole (2018:1084) waarsku dat onderwysers se emosionele tamheid ná rampe toeneem en tot emosionele uitbranding kan lei as dit nie bestuur word nie. Een van die wyses waarop dit bestuur sou kon word is om tydige en volgehoue ondersteuning oor die gevolge van die grendelstaat – en die daarmee gepaardgaande veranderings aan die leerplan – aan onderwysers te bied.

6.6 Tienerdogters se menings is belangrik

Een van die doelwitte van hierdie artikel is om die stemme van tienerdogters te laat hoor en die bevindinge toon aan dat hulle anders oor sekere aangeleenthede dink en voel as wat algemeen aanvaar word. In die lig daarvan dat hulle binne die strukturasieteorie agente is wat deur maatskaplike strukture gevorm word, maar ook bydra tot die ontvorming en hervorming daarvan, is dit belangrik dat hulle stemme tydens en na die grendelstaat gehoor moet word. Plan (2020:5) wys daarop dat die gevolge van die grendelstaat anders vir meisies en vroue as vir mans en seuns is en dat 'n "heelgemeenskapbenadering" nodig is om die gevolge van die pandemie vir dogters te beperk. Hulle waarsku ook dat slagoffers se geslag, ouderdom, armoede, verskeidenheid en kwesbaarheid in ag geneem moet word wanneer oor ingrepe besin word. Hierdie "ingrepe" behoort in samewerking met tienerdogters beplan en uitgevoer te word.

Ongelukkig wil dit voorkom of tienerdogters reg is as hulle sê dat hulle bloot "statistiek en feite" is en dat niemand na hulle luister nie (UNICEF 2020:13). Dis opmerklik dat selfs in *One South Africa*, wat juis oor die heropening van skole gehandel het, daar nie een keer na tieners se eie menings verwys is nie, terwyl Ipsos (2020b) se navorsing oor die heropening van skole ook nie hulle mening in ag geneem het nie. As hulle stemme wel gehoor is, sou onderwys-owerhede moontlik anders oor die voortsetting van die grendelstaat en die wyse waarop dit gedoen is, gedink het.

Twee ander menings is dié oor begrafnisse en demokrasie. Begrafnisse tydens die grendelstaat is 'n veelkantige vraagstuk. Die aanhalings van Melina (15) en Ava (14) wys op twee kante daarvan: die noodsaaklikheid van 'n gepaste begrafnis teenoor die koste daarvan. Nog twee kan hierby gevoeg word: die beperking op die aantal mense wat 'n begrafnis mag bywoon (*Mohamed* vn. 17) en die waarskuwing van Fergert e.a. (2020:3) dat 'n beperking op of ontkenning van emosies soos smart en rou ernstige emosionele gevolge – wat selfs tot selfmoord kan lei – vir jongmense inhou. As besluitnemers na tienerdogters soos Melina en Ava luister, kan hulle dus trouma en selfs moontlike lewensverlies vermy.

Ten opsigte van demokrasie is Solani (15) se woorde: "I thought we were supposed to be living in democracy" belangriker as wat dit met die eerste oogopslag lyk. Sy sê dit teen die agtergrond van 'n Suid-Afrika wat veronderstel is om op waardes van vryheid en gelykheid gebou te wees. Indien sy reg is, voorspel dit niks goeds vir die toekoms van ons jong demokrasie nie. Is sy verkeerd, beteken dit dat daar iewers 'n probleem binne die demokrasie is wat by tienerdogters die indruk skep dat demokrasie onder beleg is. Deur na tienerdogters soos Solani te luister, kan besluitnemers verseker dat demokratiese beginsels uitgeleef word en nie bloot 'n ideaal bly nie.

Oor die wyse waarop tienerdogters se stemme hoorbaar gemaak kan word, stel ek, na Reyneke en Reyneke (2020:66–8), voor dat die fokus op vier faktore moet val. Eerstens moet 'n veilige ruimte aan tienerdogters gebied word waar hulle aangemoedig word om hulle menings te lug. Tweedens moet dit eenvoudig en maklik vir die dogters gemaak word om te praat. Derdens moet dogters weet dat daar werklik na hulle geluister word en laastens moet besluitnemers ontvanklik daarvoor wees om nie net na die tienerdogters te luister nie, maar ook om hulle sienings na aanleiding van die dogters se inspraak te verander.

6.7 Tienerdogters se veerkragtigheid

Gelukkig dui die bevindings in hierdie navorsing ook aan dat die dogters, ten spyte daarvan dat hulle menings oor die hoof gesien word en die grendelstaat hulle emosies versomber, reeds tekens van veerkragtigheid toon. Dit is belangrik, want binne omstandighede waar die wese van die ekonomie bedreig word (*Democratic Alliance* par. 1), die grondwetlike raamwerk van ons demokrasie beproef word (*One South Africa* par. 7) en onsekere omstandighede hoogty vier (*Moela* par. 60), is dit noodsaaklik om te besef dat tienerdogters 'n aktiewe rol in die herstelproses kan speel. Die eerste tekens van hulle rol word reeds duidelik uit die wyse waarop tienerdogters vir hulle naasbestaandes en ander mense omgee. Selfs al is hulle dus bloot "stats and facts" vir ander, wil dit tog voorkom of hulle, in die gees van *ubuntu*, met veerkragtigheid sal toesien dat hulle en hulle geliefdes deur die grendelstaat gedra word.

7. Opsomming en aanbevelings

Die grendelstaat is uniek en, anders as in vorige rampe, moet die stemme van tienerdogters betyds gehoor word. In hierdie artikel is hulle stemme oor hulle emosies, vrese en menings oor skool en onderwys, demokrasie en die wyse waarop hulle die grendelstaat hanteer duidelik gehoor. Hopelik word die stemme ook deur besluitnemers gehoor.

Die navorsing en in die besonder die empiriese navorsing is onderhewig aan 'n aantal beperkings, soos die gebrek aan volledige onderhoude weens die grendelstaat en die betreklike klein steekproef. Dit word egter ondervang deur die kruisverwysings in ander artikels en navorsing waarby tienerdogters betrokke was.

In die lig van die bespreking en implikasies wat in die voorlaaste afdeling oorweeg is, word die volgende aanbevelings gemaak:

- Meganismes moet geskep word om die stemme van tienerdogters duideliker te hoor wanneer besluite wat hulle raak, geneem word. Dit sluit forums of direkte verteenwoordiging in besluitnemingstrukture in.
- Die besondere behoeftes van tienerdogters moet tydens besluitneming in ag geneem word.
- Dit is belangrik dat daar reeds tydens die uitgebreide grendelstaat en daarna kennis geneem word van die negatiewe neigings ten opsigte van tienerdogters se emosies, vrese en menings wat deur die empiriese studie aangedui is.
- Onderwysers moet toegerus word om hulle eie en tienerdogters se trouma te hanteer. Dit beteken dat onderwysowerhede dit moet oorweeg om onmiddellike opleiding in troumabewustheid aan klasonderwysers te verskaf.
- Verdere navorsing behoort, in die lig van tienerdogters se menings daaroor, oor die gebruik van aanlyn en afstandsonderrig gedoen te word.

Tienerdogters is ’n belangrike deel van die samelewing. Dit is daarom belangrik dat hulle stemme duidelik gehoor word oor aangeleenthede wat hulle raak en besluitnemers nie bloot die stemme hoor nie, maar grootmoedig genoeg sal wees om toe te laat dat die stemme hulle besluitneming beïnvloed (Reyneke en Reyneke 2020:67). Dit is ook gepas om hierdie artikel af te sluit met die woorde van Rita (15) wat nie net Helen (17, Freeman e.a. 2015:109) se woorde uit ’n vorige ramp eggo nie, maar ook raad gee wat spesifiek op die uitgerekte grendelstaat van toepassing is:

> Continue with what you have been doing, but don’t forget washing your hands from time to time! (Rita, 15).

Bibliografie

Álvarez-García, D., J.C. Núñez, P. González-Castro, C. Rodríguez en C. Cerezo. 2020. The effect of parental control on cyber-victimization in adolescence: The mediating role of impulsivity and high-risk behaviors. In Romera e.a. (reds.) 2020.

Alvis, L., R. Douglas, N.J. Shook en B. Oosterhoff. 2020. Adolescents’ prosocial experiences during the COVID-19 pandemic: Associations with mental health and community attachments. https://www.researchgate.net/publication/341225361_Adolescents%27_Prosocial_Experiences_During_the_COVID-19_Pandemic_Associations_with_Mental_Health_and_ Community_Attachments (17 Junie 2020 geraadpleeg).

Blaya, C. en C. Audrin. 2020. Toward an understanding of the characteristics of secondary school cyberhate perpetrators. In Romera e.a. (reds.) 2020.

Bobrowski, P.T. (red.). 2013. *Encyclopedia of natural hazards.* Dortrecht: Springer.

Bonanno, G.A., C.R. Brewin, K. Kaniasty en A.M. la Greca. 2010. Weighing the costs of disaster: Consequences, risks, and resilience in individuals, families, and communities. *Psychological Science in the Public Interest*, 11(1):1–49.

Bosman, J. 2020. COVID-19 * Tussen die duiwel en die diep blou see. *e-Afrikaner,* 19 Mei. https://www.afrikanerbond.co.za/19-mei-2020---covid-19-en-die-grondwet (24 Junie 2020 geraadpleeg).

Bronfenbrenner, U. 1979. *The ecology of human development: Experiments by nature and design.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Bryant, C.G.A. en D. Jary (reds.). 1991. *Giddens' theory of structuration: A critical appreciation*. Londen: Routledge.

Chaplin, T.M. en A. Aldao. 2013. Gender differences in emotion expression in children: A meta-analytic review. *Psychological Bulletin*, 139(4):735–65.

Dayimani, M. 2020. 29 Eastern Cape schools close due to positive Covid-19 cases, 48 more have suspected cases. *News24,* 11 Junie. https://www.news24.com/news24/southafrica/news/29-eastern-cape-schools-close-due-to-positive-covid-19-cases-48-more-have-suspected-cases-20200611 (11 Julie 2020 geraadpleeg).

De Vos, A.S., H. Strydom, C.B. Fouché en C.S.L. Delport. 2011. *Research at grass roots: For the social sciences and human service professions.* 4de uitgawe. Pretoria: Van Schaik.

Ejeta, L.T., A. Ardalan en D. Paton. 2015. Application of behavioral theories to disaster and emergency health preparedness: A systematic review. *PLOS Currents Disasters,* 1 Julie.

Ewuoso, C. en S. Hall. 2019. Core aspects of *ubuntu*: A systematic review. *South African Journal of Bioethics Law*, 12(2):93–103.

Fegert, J.M., B. Vitiello, P.L. Plener en V. Clemens. 2020. Challenges and burden of the Coronavirus 2019 (COVID-19) pandemic for child and adolescent mental health: A narrative review to highlight clinical and research needs in the acute phase and the long return to normality. *Child and Adolescent Psychiatry and Mental Health*, 14:art. 20.

Filippa, O.M. 2016. Exploring resilience in the narratives of Zimbabwean adolescents affected by parental out-migration and the Diaspora. DLitt en Phil-proefskrif, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

Flynn, B.W. 1997. Psychological aspects of disasters. *Renal Failure*, 19(5):611–20.

Freeman, C., K. Nairn en M. Gollop. 2015. Disaster impact and recovery: What children and young people can tell us. *Kōtuitui: New Zealand Journal of Social Sciences Online*, 10(2):103–15.

Flynn, B.W. en A.E. Norwood. 2004. Defining normal psychological reactions to disaster. *Psychiatric Annals,* 34(8):597–603.

Fu, F., A. Chow, J. Lie en Z. Cong. 2018. Emotional flexibility: Development and application of a scale in adolescent earthquake survivors. *Psychological Trauma: Theory, Research, Practice, and Policy*, 10(2):246–52.

Ghosh, R., M.J. Dubey, S. Chatterjee en S. Dubey. 2020. Impact of COVID-19 on children: Special focus on the psychosocial aspect. *Minerva Pediatrica*, 72(3):226–35.

Gibbs, L., E. Snowdon, K. Block, H.C. Gallagher, C. MacDougall, G. Ireton, A. Pirrone-Savona, D. Forbes, J. Richardson, L. Harms en E. Waters. 2014. Where do we start? A proposed post-disaster intervention framework for children and young people. *Pastoral Care in Education*, 32(1):68–87.

Giddens, A. 1984. *The constitution of society: Outline of the theory of structuration*. Cambridge: Polity Press.

—. 1991. Structuration theory: Past, present and future. In Bryant en Jary (reds.) 1991.

Gouws, E., N. Kruger en S. Burger. 2008. *The adolescent.* 3de uitgawe. Sandton: Heinemann.

Greener, I. 2008. Expert patients and human agency: Long-term conditions and Giddens' Structuration Theory. *Social Theory & Health*, 6:273–90.

Guthridge-Gould, S. 2016. *Adolescent girls in disaster & conflict – interventions for improving access to sexual and reproductive health services.* New York: UNFPA.

Hambrick, E.P., B.M. O'Connor en E.M. Vernberg. 2016. Interview and recollection-based research with child disaster survivors: Participation-related changes in emotion and perceptions of participation. *Psychological Trauma: Theory, Research, Practice, and Policy*, 8(2):165–71.

Härkönen, U. 2007. The Bronfenbrenner ecological systems theory of human development. Scientific Articles of V International Conference: Person.Color.Nature.Music. 17–21 Oktober, Saule, Letland: Daugavpils University.

Hlati, O. 2020. Over 300 Western Cape schools closed over Covid-19 infections. *IOL*, 29 Junie. https://www.iol.co.za/capetimes/news/over-300-western-cape-schools-closed-over-covid-19-infections-50088272 (11 Julie 2020 geraadpleeg).

Imran, N., M. Zeshan en Z. Pervaiz. 2020. Mental health considerations for children and adolescents in COVID-19 Pandemic. *Pakistan Journal of Medical Sciences*, 36(COVID19-S4):S67−S72.

Ipsos. 2020a. As we head into level 4, South Africans strongly support lockdown. 30 April. https://www.ipsos.com/en-za/we-head-level-4-south-africans-strongly-support-lockdown (20 Junie 2020 geraadpleeg).

—. 2020b. South Africans reluctant to send children back to school. https://www.ipsos.com/en-za/south-africans-reluctant-send-children-back-school (27 Junie 2020 geraadpleeg).

Johnson, M.K., J. Staff, M.E. Patrick en J.E. Schulenburg. 2017. Adolescent adaptation before, during, and in the aftermath of the Great Recession in the United States. *International Journal of Psychology*, 52(1):9–18.

Kloppers, D. 2020. "Eish – this lockdown!" Navorsing oor tieners se belewenisse tydens die grendelstaat. *LitNet Akademies,* 17(2). https://www.litnet.co.za/eish-this-lockdown-navorsing-oor-tieners-se-belewenisse-tydens-die-grendelstaat (27 Junie 2020 geraadpleeg).

Kloppers, D.F. en G. van den Berg. 2018. Basiese onderwys vir volwassenes as teenvoeter vir geweld teen vroue en kinders. *LitNet Akademies,* 15(1):311–51.

Kousky, C. 2016. Impacts of natural disasters on children. *The future of children*, 26(1):73–92.

Last, M. 1994. Putting children first. *Disasters*, 18:192–202.

Lee, E. en H. Lee. 2018. Disaster awareness and coping: Impact on stress, anxiety, and depression. *Perspectives in Psychiatric Care,* 55:311–8.

Lee, J. 2020. Mental health effects of school closures during COVID-19. *Lancet/child-adolescent,* 4:421.

Lissoni, B., S. Del Negro, P. Brioschi, G. Casella, I. Fontana, C. Bruni en G. Lamiani. 2020. Promoting resilience in the acute phase of the COVID-19 Pandemic: Psychological interventions for Intensive Care Unit (ICU) clinicians and family members. *Psychological Trauma: Theory, Research, Practice, and Policy*. http://dx.doi.org/10.1037/tra0000802 (11 Julie 2020 geraadpleeg).

Macupe, B, en L. Kiewit. 2020. Schools to close for a month due to Covid infection surge – Ramaphosa. *Mail & Guardian*, 23 Julie. https://mg.co.za/coronavirus-essentials/2020-07-23-schools-to-close-for-a-month-due-to-covid-infection-surge-ramaphosa (8 Augustus 2020 geraadpleeg).

McMillan, J.H. en S. Schumacher. 2010. *Research in Education: Evidence-based inquiry*. 7de uitgawe. Boston: Pearson.

Midtbust, L.G.H., A. Dyregrov en H.W. Djup. 2018. Communicating with children and adolescents about the risk of natural disasters. *European Journal of Psychotraumatology*, 9(2):art. 1429771.

Nicolson, G. 2020. Ramaphosa: "GBV must be my struggle. It must be my son's struggle". *Daily Maverick*, 23 Junie. https://www.dailymaverick.co.za/article/2020-06-23-ramaphosa-gbv-must-be-my-struggle-it-must-be-my-sons-struggle/#gsc.tab=0 (27 Junie 2020 geraadpleeg).

Noel, M. 2020. The pulse of Gen Z in the time of COVID-19. *DoSomethingStrategic,* 10 Junie. https://medium.com/dosomethingstrategic/gen-zs-thoughts-on-covid-19-2067b0f36af1 (17 Junie 2020 geraadpleeg).

Null, C. 2020. The reality of Covid-19 is hitting teens especially hard. *Wired,* 4 Junie. https://www.wired.com/story/covid-19-is-hitting-teens-especially-hard (17 Junie 2020 geraadpleeg).

Oosthuizen, M. en A.P. Greeff. 2020. Veerkragtigheid in die enkelma-transrasgesin. *LitNet Akademies,* 17(2). https://www.litnet.co.za/veerkragtigheid-in-die-enkelma-transrasgesin (18 Junie 2020 geraadpleeg).

O'Toole, V.M. 2018. "Running on fumes": Emotional exhaustion and burnout of teachers following a natural disaster. *Social Psychology of Education*, 21:1081–112.

Peters, M.A., F. Rizvi, G. McCulloch, P. Gibbs, R. Gorur, M. Hong, Y. Hwang, L. Zipin, M. Brennan, S. Robertson, J. Quay, J. Malbon, D. Taglietti, R. Barnett, W. Chengbing, P. McLaren, R. Apple, M. Papastephanou, N. Burbules, L. Jackson, P. Jalote, M. Kalantzis, B. Cope, A. Fataar, J. Conroy, G. Misiaszek, G. Biesta, P. Jandrić, S. Choo, M. Apple, L. Stone, R. Tierney, M. Tesar, T. Besley en L. Misiaszek. 2020. Reimagining the new pedagogical possibilities for universities post-Covid-19. *Educational Philosophy and Theory*. https://doi.org/10.1080/00131857.2020.1777655 (12 Julie 2020 geraadpleeg).

Piko, B. 2001. Gender differences and similarities in adolescents' ways of coping. *The Psychological Record*, 51:223–35.

Pine, N.S., R.A. Tarrant, A.C. Lyons en J.M. Leathem. 2015. Rolling with the shakes: An insight into teenagers' perceptions of recovery after the Canterbury earthquakes. *Kōtuitui: New Zealand Journal of Social Sciences Online*, 10(2):116–25.

Plan International (Plan). 2020. *Living under lockdown: Girls and COVID-19.* https://plan-international.org/publications/living-under-lockdown#download-options (17 Junie 2020 geraadpleeg).

Prime, H., M. Wade en D.T. Browne. 2020. Risk and resilience in family well-being during the COVID-19 pandemic. *American Psychologist*. http://dx.doi.org/10.1037/amp0000660 (6 Junie 2020 geraadpleeg).

Reyneke, M. en R. Reyneke (reds.). 2020. *Restorative school discipline: The law and practice.* Claremont: Juta en Kie.

Reyneke, M. en R. Reyneke. 2020. Rethink discipline. In Reyneke en Reyneke (reds.) 2020.

Reyneke, R. 2020. Trauma-sensitive schools: Understanding troubled learners through the neuroscience lens. In Reyneke en Reyneke (reds.) 2020.

Romera, E. M., R. Ortega-Ruiz, G. Skrzypiec en R. Zukauskiene (reds.). 2020. *Analysing psychosocial and contextual factors underpinning bullying and cyberbullying*. Lausanne: Frontiers Media SA.

Rweyemanu, J.A. 2012. Conversion in missionary Christianity, northwest Tanzania: A critical assessment of methods and their impact on Haya Christian life. PhD-proefskrif, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch.

Sahoo, S., S. Rani, R. Shah, A.P. Singh, A. Mehra en S. Grover. 2020. COVID-19 pandemic-related anxiety in teenagers. *Indian Journal of Psychiatry*, 62(3):328–30.

Schlebusch, B. 2015. 'n Vergelyking van veerkragtige en nie-veerkragtige adolessente ten opsigte van beskermende faktore. MA-verhandeling, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein.

Schultz, J.M., Y. Neria, A. Allen en Z. Espinel. 2013. Psychological impacts of natural disasters. In Bobrowski (red.) 2013.

Sefotho, M.M. (red.). 2018. *Philosophy in education and research – African perspectives*. Pretoria: Van Schaik.

Sefotho, M.M. en A.H du Plessis. 2018. Paradigms, theoretical frameworks and conceptual frameworks in educational research. In Sefotho (red.) 2018.

Sibley, C.G., L.M. Greaves, N. Satherley, M.S. Wilson, N.C. Overall, C.H.J. Lee, P. Milojev, J. Bulbulia, D. Osborne, T.L. Milfont, C.A. Houkamau, I.M. Duck, R. Vickers-Jones en F.K. Barlow. 2020. Effects of the COVID-19 pandemic and nationwide lockdown on trust, attitudes toward government, and well-being. *American Psychologist*. http://dx.doi.org/10.1037/amp0000662 (6 Junie 2020 geraadpleeg).

Stats SA (Statistiek Suid-Afrika). 2018. *Demographic profile of adolescents in South Africa.* Pretoria: Stats SA.

Strydom, H. en C.S.L. Delport. 2011. Sampling and pilot study in qualitative research. In De Vos e.a. 2011.

Tupuola, A.M., V. Cattell en S. Stansfeld. 2008. Vulnerable youth, dialogic exchanges and resilience: Some preliminary findings from an exploratory study in East London. *Vulnerable Children and Youth Studies,* 3(3):174–81.

UNICEF (UNICEF Australia). 2020. "LIVING IN LIMBO": The views and experiences of young people in Australia at the start of the COVID-19 pandemic and national response. https://www.unicef.org.au/our-work/unicef-in-emergencies/coronavirus-covid-19/living-in-limbo (3 Julie 2020 geraadpleeg).

Van der Berg, S. en N. Spaull. 2020. Counting the cost: COVID-19 school closures in South Africa and its impacts on children. Research on Socioeconomic Policy (RESEP). Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch.

Van Wyk, C. 2020. Resilience and the circle of courage. In Reyneke en Reyneke (reds.) 2020.

Van Wyk, D. 2020. COVID-19: Ongelykhede in die onderwys. *LitNet Seminare en essays*, 7 Mei. https://www.litnet.co.za/covid-19-ongelykhede-in-die-onderwysstelsel (24 Junie 2020 geraadpleeg).

Voges, R. 2019. Antjie Krog, gemeenskaplikheid en die behoefte aan interverbondenheid in *Mede-wete* (2014). *LitNet Akademies*, 16(1):145–65.

Wachtendorf, T., B. Brown en M.C. Nickle. 2008. Big Bird, Disaster Masters, and high school students taking charge: The social capacities of children in disaster education. *Children, Youth and Environments,* 18(1):456–69.

Wang, C., R. Pan, X. Wan, Y. Tan, L. Xu, C.S. Ho en R.C. Ho. 2020. Immediate psychological responses and associated factors during the initial stage of the 2019 Coronavirus disease (COVID-19) epidemic among the general population in China. *International Journal of Environmental Research and Public Health*, 17:art. 1729.

WMO (World Meteorological Organization). 2020. Tropical cyclone naming. https://public.wmo.int/en/our-mandate/focus-areas/natural-hazards-and-disaster-risk-reduction/tropical-cyclones/Naming#:~:text=WMO%20maintains%20rotating%20lists%20of,one%20cyclone%20at%20a%20time (11 April 2020 geraadpleeg).

Yi, Y., P.N.P. Langnito, S. Ye, E. Li en R.H. Xu. 2020. COVID-19: What has been learned and to be learned about the novel coronavirus disease. *International Journal of Biological Sciences,* 16(10):1753–66.

Zanker, F.L. en K. Moyo. 2020. The Corona Virus and migration governance in South Africa: Business as usual? *Africa Spectrum*, 55(1):100–12.

Hofuitsprake

De Beer and Others v Minister of Cooperative Governance and Traditional Affairs [2020] ZAGPPHC 184 (2 Junie 2020).

Democratic Alliance v President of the Republic of South Africa and Others (Economic Freedom Fighters Intervening) [2020] ZAGPPHC 237 (19 Junie 2020).

Khosa and Others v Minister of Defence and Military Defence and Military Veterans and Others [2020] ZAGPPHC 147 (15 Mei 2020).

Mohamed and Others v President of the Republic of South Africa and Others [2020] ZAGPPHC 120 (30 April 2020).

Moela and Another v Habib and Another [2020] ZAGPPHC 69 (19 Maart 2020).

One South Africa Movement and Another v President of the Republic of South Africa and Others [2020] ZAGPPHC 249 (1 Julie 2020).

Eindnotas

[1] Hofuitsprake lewer nie net regspraak op nie. Dikwels bevat dit ook sosiale kommentaar en kritiek. In hierdie artikel word na ’n aantal beslissings verwys wat oor die grendelstaat handel om enersyds die maatskaplike invloed van die grendelstaat en andersyds die verband tussen

howe en vakgebiede soos onderwys en sosiologie aan te toon. Om die lang verwysings of titels te vermy, word in die teks na slegs die eerste party se naam (kursief geskryf) verwys. Die volledige verwysing is aan die einde van die bibliografie.

[2] In die artikel word die begrip "grendelstaat" gebruik om na die omstandighede waarin mense hulle tydens die COVID-19-pandemie bevind het, te verwys.

[3] By Sibley e.a. 2020 en Peters e.a. 2020 wyk ek, weens die groot aantal outeurs, af van die reël dat al die outeurs by die eerste aanhaling gemeld moet word.

[4] By die aanvanklike voorbereiding van hierdie artikel teen die middel van Junie 2020 het Sage Journals reeds meer as 68 bladsye met verwysings na artikels oor COVID-19 gepubliseer.

[5] Die begrip "empiriese studie" word gebruik vir die empiriese navorsing wat as deel van die navorsing vir hierdie artikel onderneem is.

[6] Omdat dogters aan die navorsing deelgeneem het, gebruik ek vroulike voornaamwoorde, in stede van *hy/sy* of *sy/haar*.

[7] Indien die maand waartydens die deelnemer iets gesê het nie aangedui word nie, kom dit uit die Mei-steekproef.

[8] Die feit dat hofuitsprake as bronne buite die regswetenskap gebruik is, is 'n uitsondering.